basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## 2019

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 27 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Roman (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

   AFDELING A: GEDIGTE
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   AFDELING B: ROMAN
   Beantwoord EEN vraag.

   AFDELING C: DRAMA
   Beantwoord EEN vraag.

5. KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. LENGTE VAN ANTWOORDE

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250 tot 300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400 tot 450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE

**AFDELING A: GEDIGTE**

**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**


| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 1. "Die sagte sprong" | Opstelvraag | 10 | 6 |
| 2. " 'n brief van hulle vakansie" | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| 3. "Wie's Hy?" | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |
| 4. "Nog in my laaste woorde" | Kontekstuele vraag | 10 | 10 |


**EN**

**Ongesiene gedig: Verpligtend**


| | | | |
|---|---|---|---|
| 5. "Die geel kanarie" | Kontekstuele vraag | 10 | 11 |


**AFDELING B: ROMAN**

**Beantwoord EEN vraag.***


| | | | |
|---|---|---|---|
| 6. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 12 |
| 7. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 12 |
| 8. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 15 |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 15 |
| 10. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 17 |
| 11. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 17 |
| 12. *Onderwêreld* | Opstelvraag | 25 | 19 |
| 13. *Onderwêreld* | Kontekstuele vraag | 25 | 19 |


**AFDELING C: DRAMA**

**Beantwoord EEN vraag.***


| | | | |
|---|---|---|---|
| 14. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 22 |
| 15. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 22 |
| 16. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 25 |
| 17. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 25 |


***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAGNOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte<br>(Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte<br>(Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman<br>(Opstel of kontekstueel) | 6–13 | 1 | |
| C: Drama<br>(Opstel of kontekstueel) | 14–17 | 1 | |

**LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

## AFDELING A: GEDIGTE

### VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

### VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

**Die sagte sprong – Sheila Cussons**

Dit kom wanneer dit nie verwag
word nie: 'n aanraking van die verstand
lig soos 'n veer, vlugtig maar presies
en jy dink as sy ligtheid so is, so potent
dat die aandag nog lank daarna
die indruk behou, hoe moet sy vasvat wees?
: Dit kom wanneer dit nie verwag
word nie: iets wat die bewussyn tot
in die lewe tref, iets soos 'n sagte sprong –
vreugde, verbasing, vreugde, herkenning:
hoe moet u vasvat wees?

[Bron: *Die sagte sprong*, 1979]

Die spreker verwoord die subtiele progressie in sy/haar belewing van die goddelike aanraking.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250 tot 300 woorde. **[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**'n brief van hulle vakansie – Breyten Breytenbach**

*vir oubaas:*

Noudat ek uitgeswel van lyf is kan ek treur
oor die eelte van my vader, die lugoë van my ma,
die skamel offerandes van hulle gebede as hulle my
op die knieë van hul Gij Here God lê;

noudat ek agter 'n baard kou kan ek huil
as hulle snags my naam fluister met die ruite
donker knippende oë in die wind, oor die visolie
vir my griep, die ingelegde perskes (albertas) op die rak

In sy sestigste jaar swem my pa in Stilbaai se see
en stap myle ver oor die sand met sy reguit bene
in 'n kortbroek en speel krieket op die duine
en eet alikruikels in die Sea View-losieshuis

want hys 'n bokser dokter boer
'n kaptein en 'n held 'n indoena tussen grysaards –
En as die reën soos 'n gesluierde bruid oor die see kom
word die lieflinghond (Trixie) lam;

drie dae veg die veearts en buig dan die knie
en hulle dra die lyk terug na Kafferskuilsrivier
die plaas van hulle jong liefde en plant die saad
'n soenoffer in die diep grond se skoot

want nou is hulle minnaars
stil bome in die najaar met die wind
strelende drome in die takke
onder komete leeftye lang wêrelde

My ooms sterf soos kapok in die son
hartaanval beroerte kanker en tering
en my pa word stiller en meer verskriklik
van dop tot dop

Hier waar die harde winters en nat somers
my lyf ongenaakbaar skil, treur ek oor
die soet hart van my moeder
my pa se stil en bitter krag

[Bron: *die ysterkoei moet sweet,* 1964]

2.1 Met watter woord in die titel distansieer die spreker hom/haar van die vakansiegangers? Waarvan distansieer die spreker hom/haar volgens versreël 3 en 4 óók? (2)

2.2 Op watter wyse ondersteun die afwesigheid van leestekens in versreëls 9 tot 12 die inhoud van die versreëls? (1)

2.3 Herlees versreël 13 en 14 asook versreëls 22 tot 24.

Wat bereik die spreker met die opstapeling van benaminge vir die pa in versreël 13 en 14? In watter TWEE opsigte kontrasteer dié benaminge met die inhoud van versreëls 22 tot 24? (3)

2.4 In versreël 1 verwys die spreker na sy/haar volwassenheid. Waarop dui die inhoud van versreël 29 en 30? (1)

2.5 Watter retoriese middel gebruik die spreker in versreël 1 en 30 om 'n weemoedige stemming te verkry? Dink jy dié weemoedige stemming pas by die tema van verganklikheid in die gedig? Motiveer jou antwoord. (2)

2.6 Is dit vir jou as leser oortuigend dat die gedig nie van 'n vaste rymskema gebruik maak nie? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
**[10]**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Wie's Hy? – Adam Small**

Die poet,
wie's hy?
Djulle het so baie bek oorie poet,
ma wié's hy?
Is hy rêrag soes djulle dink
die ou moerie pen ennie ink
wat in sy study sit en poems dink?

Nai,
djulle's mistaken,
nie hy nie
ma djúlle is die poets,
djulle wat innie straat in loep
ennie gladde bek verkoep
ma die dinge sien
en soema net daa God tien hulle roep!

[Bron: *Sê Sjibbolet*, 1963]

3.1 Watter retoriese middel gebruik die spreker in versreël 2 om die vraag in die titel uit te hef? (1)

3.2 Benoem die klankeffek/halfrym waarmee die spreker die beeld in versreël 3 beklemtoon. (1)

3.3 Dink jy die enjambement in versreël 5 en 6 is gepas? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

3.4 Gee in jou eie woorde TWEE wanopvattings weer wat mense volgens versreëls 1 tot 7 oor digters het. (2)

3.5 Wat bereik die spreker met die inhoud van versreël 8 en 9? (1)

3.6 Wat is die boodskap van die gedig? Noem TWEE wyses waarop die boodskap van die gedig in versreëls 11 tot 15 uitgehef word. (3)

**[10]**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Nog in my laaste woorde – NP van Wyk Louw**

Nog in my laaste woorde sal jy wees,
nog in die laaste skeemring van my dink
en weet, as ek alleen in die bitter vrees
van sterwe lê, en al die mindre sink
in my deur vaal vergetelheid: veel haat,
veel liefde wat kon waag om min te vra,
ure wat rus geken 't, of blote daad,
en nie die teken van jou onrus dra,
o jy wat vlam was: skoon en sterk en blind
vir smart; wat alles tot jou beeltnis brand;
wat áls kon eis en nooit volkome vind
versadiging! Dán weet ek het jou hand
my jeug se oopgelate kring voltooi:
mooi is die lewe en die dood is mooi.

[Bron: *Die halwe kring*, 1937]

4.1 Met watter woord in die titel dui die spreker aan dat hy/sy voortdurend aan die geliefde/skoonheid dink? (1)

4.2 Skryf die normale woordorde van versreël 1 neer. Wat is die funksie van die omgekeerde woordorde in dié reël? (2)

4.3 Hoekom maak die spreker in "skeemring", "mindre" en "geken 't" (versreël 2, 4 en 7) van die weglating van 'n letter gebruik? (1)

4.4 Gee 'n rede vir die gebruik van die herhalende "en" in versreël 9. (1)

4.5 Benoem die eindrym in versreëls 1 tot 4. Gee 'n rede vir die veranderde eindrym in versreël 13 en 14. (2)

4.6 Dink jy die paradoks in versreël 14 is gemotiveerd? Gee TWEE redes, binne konteks van die gedig, vir jou antwoord. Watter retoriese middel hef die spreker se insig uit? (3)

**[10]**

**ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Die geel kanarie – Donald W Riekert**

Die geel kanarie swerm
saam tussen die veldmossies
en leer eet die bitter
wag-'n-bietjie-bessie
en saans in die lang
soetgras vertel hy van
'n sifdakkie en wipstokkie
waar hy leer praat het
soos die mens voor 'n
kleur-deursig-kassie
met prentjies van die veld

[Bron: *Heuning uit die swarthaak*, 1986]

5.1 Haal 'n woord uit die titel aan wat aandui dat die spreker van 'n spesifieke kanarie praat. (1)

5.2 Benoem die klankeffek/halfrym in versreël 3 en gee die funksie van dié klankeffek/halfrym in hiérdie reël. (2)

5.3 Benoem die beeldspraak wat in versreëls 6 tot 8 voorkom. (1)

5.4 Dink jy die gebruik van verkleinwoorde in versreël 7 is effektief? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. Met watter woord in versreël 11 bereik die spreker dieselfde effek? (3)

5.5 Watter TWEE beskuldigings teen die mensdom kom in versreëls 7 tot 11 voor? (2)

5.6 Hoekom eindig die gedig nie met 'n punt/leesteken nie? (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

In dié roman ontwikkel Iris se karakter as gevolg van bepaalde omstandighede in haar lewe.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

### VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

"Daar het jy dit dan. 'n Naam vol ryke assosiasies."

Ek het rondgevat na iets om te drink en my glas sodawater opgetel om as skans te gebruik. "Hoe weet jy dit?"

"Nageslaan," het hy vlot geantwoord.

"Hoekom?"

"Jy's nie die eerste Iris wat ek ontmoet nie."

Ek moes op my lip byt om nie by te voeg: en jy ook nie die eerste Peter nie.

"Mag ek maar hier by jou sit?" het hy gevra.

Ek het om my rondgekyk. Behalwe vir die stoel waarop ek gesit het, was daar net 'n klein lamptafeltjie wat nie stewig genoeg gelyk het nie. "Waar?" het ek gevra.

"In my woonstel?"

Ek het my glas neergesit. "Waar is jou woonstel?"

"So 'n ent met die gang af."

"In hierdie gebou?"

Hy het geknik.

"Wat van jou vriendin?"

Hy het gegrinnik. "Watter een?" Hy het sy kop geskud asof hy die ligsinnigheid van hom wou afskud. "Ek het alleen gekom. Wat van jou?"

"Ook."

"Waarvoor wag ons?" het hy gevra en my aan die hand regop getrek. Ek is saam met hom na sy woonstel.

Voor ek die aand uit is, het Johanna by my in die kamer kom staan en gekyk hoe ek my hare borsel.

"Jy sal iets moet doen met darie hare," het sy krities gesê. Haar eie hare was in rooi en blou krullers omdat sy amptelik van diens af was.

"Wat makeer my hare?" het ek gevra.

"Dis pap."

"Net omdat jou eie hare krullerig is," het ek gesê.

7.1 Noem DRIE assosiasies wat Iris aan haar naam heg. (3)

7.2 Waarom pas die manier waarop Iris en Peter ontmoet by Iris se karakter? (1)

7.3 Gee DRIE ooreenkomste tussen die fiktiewe en die werklike Peter. Dink jy Peter beïnvloed Iris se siening oor fantasiekarakters? Motiveer jou antwoord. (4)

7.4 Hoekom veroorsaak Peter se tweede posstuk uit Amerika vir Iris innerlike konflik? (1)

7.5 Teen watter Suid-Afrikaanse politieke tydperk speel die roman af? (1)

7.6 Iris se gesin is anders.

Bewys dié stelling met DRIE voorbeelde van die gesinslede se andersheid. (3)

**EN**

**TEKS B**

Daarna het hy al die ligte behalwe een floue afgeskakel en my 'n goeie nagrus toegewens. Ek het in die dof verligte kamer rondgekyk en die Engel op een van die leë beddens sien lê, blykbaar ook moeg ná die lang dag en die vorige nag.

"Ek weet nie waarvan jy moeg is nie," het ek gesê. "<u>As beskermengel het jy gefaal</u>."

"Sy't nie regtig gif gedrink nie," het hy gesê.

"Dank jou die duiwel," het ek bitsig geantwoord.

Hy het sy vlerk gepynig oor sy gesig gevou. "Asseblief."

"Jammer." Ek was 'n rukkie stil, maar het tog gevoel dat hy aangespreek moes word. "As jy my dan nie fisiek kan beskerm nie, behoort jy in 'n raadgewende hoedanigheid op te tree."

"Soos?" het hy gevra en sy vlerk weer laat sak.

"Ek is 'n jong vrou in 'n wêreld vol konflikte en ek voel jy behoort dit vir my op te klaar. Jy moet my vrae kan beantwoord."

"Watse vrae?"

"Wat moet ek byvoorbeeld doen omtrent Peter en Frederik?"

"Wat wil jy met hulle doen?"

"Ek weet nie."

"Jy's nie lief vir Frederik nie."

Ek het gesug. "Ek weet. Dis oor Peter wat ek wonder. Ken ek hom goed genoeg om tot 'n besluit te kom?"

"Het hy jou gevra?" het hy my vraag slim teruggekaats.

"Soort van. As ek nou 'n karakter in een van my stories was, het ek iets dramaties gedoen soos sy kind verwag. Dit sou alles tot 'n punt dryf."

7.7 Hoekom bevind Iris haar in hierdie ruimte? (1)

7.8 Na watter TWEE insidente verwys Iris in die onderstreepte sin in reël 4? Verdien die Engel, na jou mening, hierdie woorde? Motiveer jou antwoord. (3)

7.9 Dink jy die Engel dra tot karakterontwikkeling by Iris by? Gee DRIE redes vir jou antwoord. (3)

7.10 Herlees reël 13.

Waar het Iris besef dat sy haar eie vrae moet beantwoord? (1)

7.11 Waarom pas die ek-verteller se weergawe van Iris se gedagtes in reël 19 en 20 by haar karakter? Hoe beïnvloed die ek-verteller die leser se siening van Iris te oordeel aan reël 22 en 23? (2)

7.12 Herlees reël 1 van TEKS A asook reël 12 en 13 van TEKS B.

In watter mate sluit Iris se vroeëre verwagting ten opsigte van haar naam by die tema van die roman aan? Wat is Peter se siening oor Iris se naam? (2)
**[25]**

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG**

In die roman ontwikkel Baas se karakter as gevolg van konflik.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

"Dankie vir die hoender." Baas bly sit. "En dankie dat my honde kos gekry het toe ek in die hospitaal was."

Ouma Essie sak terug. Sy staar verby die man wat wit is, asof sy hom nie sien nie. "Daar is niks om voor dankie te sê nie. Jy het hier van Manaka af met die voet Mubuyu toe geloop om vir Tibelelo pille te gee toe sy siek was. Om 'n hoender te bring en om iemand se honde kos te gee, betaal nie vir 'n kleinkind wat uit die dood uit teruggebring is nie. Ook nie vir hierdie presentjie wat ek vir jou gebring het nie."

Baas vat die lyfband van fyngevlegte voorslagriempies wat ouma Essie uit haar voorskoot se sak haal en met al twee hande na hom uithou.

"Dit is om jou broek op te hou terwyl jou lyf nog nie sterk genoeg is om dit te doen ná die siekte nie. Dit is my muluti Joseph se lyfband. 'n Sterk man moet 'n sterk lyfband dra. Haal maar af die biesies wat Tibelelo gevleg het, voor dit breek."

Hulle is lank stil. Die lyfband pas. Grace bring die medisynetrommel en plak 'n nuwe pleister oor die wond onder Baas se oog.

"Die man wat Manaka begin het ..." Baas se woorde kom swaar. "Is daar miskien nog iemand wat iets van hom sal weet, of sal onthou wat die ou mense vertel het?"

Ouma Essie kyk stip na Baas, asof sy goed kan sien. Haar kop bewe liggies. "In my jong dae was daar nog Lozi-mense ..."

9.1 Waarmee bewys ouma Essie haar omgee vir Baas net voordat hy finaal besluit om op Manaka te bly? (1)

9.2 Op watter wyse benadeel Baas se optrede in reël 4 en 5 sy eie gesondheid? (1)

9.3 Noem TWEE verskille en TWEE ooreenkomste tussen die "kleinkind" (reël 6) en Baas se lewe. (4)

9.4 In reël 7 gee ouma Essie vir Baas 'n geskenk en later in die roman gee sy vir hom 'n hondjie.

Watter eienskap van ouma Essie blyk uit haar optrede en wat suggereer sy met haar optrede ten opsigte van Baas se toekoms? (2)

Kopiereg voorbehou 

9.5 Herlees ouma Essie se dialoog in die onderstreepte sinne in reël 11 en 12.

9.5.1 Wat is die implikasie van ouma Essie se dialoog vir Baas? (1)

9.5.2 Wat word deur die lyfband simboliseer? Gee TWEE redes waarom Baas later die lyfband vir ouma Essie teruggee. (3)

9.6 Herlees reël 13 en 14.

By watter geleentheid openbaar Baas dieselfde karaktereienskap teenoor 'n kind as wat Grace hier openbaar? Hoe verskil Chisupo se karaktereienskappe soos blyk uit sy optrede in die roman van dié van Grace? (2)

9.7 Dink jy die gebruik van 'n alomteenwoordige verteller in reël 18 kan vir die leser voordele inhou? Motiveer jou antwoord. (1)

**EN**

**TEKS D**

Skielik voel dit vir Baas of sy lyf vol riwwe word, soos die stam van 'n boom met kabeldrade om die pit. Hy onthou dat die plaashonde eers doodgeskiet is voordat sy pa en ma vermoor is. Hy onthou ook sy grond wat hy verloor het en die seisoen waarin hy sy beeste soos wildsbokke moes jag en afmaai. Hy was lief vir sy beeste. Hulle het name gehad wat hy hulle gegee het toe hulle nog kalwertjies was. Dit was 'n seisoen wat vir hom te lank geword het.

Meneer Kebbey groet en klap hande. Hy gaan haal twee wit plastiekstoele uit Grace se hut en sit dit teenoor mekaar tussen die skadupatrone van 'n kremetartboom se takke in die lapa neer. Hy vra hoe dit gaan en klap weer hande. Sy Engels is nie goed nie, maar hulle verstaan mekaar. Baas gaan sit op die stampblok langs die kremetartboom se stam.

"Dit is goed dat ons tyd kry om met mekaar te gesels," sê meneer Kebbey. "Dit is nie 'n goeie ding wat vandag by die khuta gebeur het nie en miskien sal dit nog groot probleme veroorsaak."

Die indoenas is nou al vir 'n lang tyd verdeeld oor meneer Daaimon, die hoofindoena, sê hy. Dit is omdat hy nie demokraties is met die khuta se geldsake nie. Nou is daar van hulle wat ook ontevrede is omdat hy vandag nie respek betoon het aan die Profeet van die Bybel nie. Party van hulle sê sy stoel moet omgekeer word.

9.8 Na watter boom verwys die verteller in reël 1? Is daar enige verband tussen dié boom en Baas se oupagrootjie? Motiveer jou antwoord. (2)

9.9 Noem TWEE voorbeelde van uiterlike konflik op Manaka as gevolg van die gebeure op Sable Ranch (reëls 2 tot 6). Verander dié konfliksituasie met verloop van tyd? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

9.10 Watter latere optrede van Baas bewys dat hy hom nie deur meneer Kebbey laat beïnvloed nie? Gee EEN rede vir Baas se negatiewe gesindheid teenoor meneer Kebbey. (2)

9.11 Herlees TEKS C reëls 15 tot 19 asook TEKS D reël 17 en 18.

Nadat meneer Daaimon se "stoel" omgekeer is, is die uitlewing van geloof op Manaka verseker.

Stem jy met dié stelling saam? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. Wat is die boodskap wat dié gebeure vir jou as leser inhou? (3)

**[25]**

## *VATMAAR* – AHM Scholtz

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG

In dié roman verander Oom Chai se menswees as gevolg van bepaalde omstandighede.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

### VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS E

Ons sal nooit weet of onse Teacher gehuil of weggehardloop het nie, want toe die twaalfuur-fluit blaas wat beteken het dis die einde van die skooldag, het Oom Chai die deur oopgemaak, na ons gekyk en gesê: Gaan huis toe.

Die volgende dag het begin asof niks gebeur het nie. Ons het Saterdae net skool toe gegaan om die Onse Vader op te sê want, het Oom Chai gesê, dis in onse moedertaal: Afrikaans, onse huistaal, die taal van my ma en pa, geskep deur die slawe en arme Vlaamse soldate.

Die oupa het nooit daarvan moeg geword om ons hieraan te herinner nie. Na die Gebed het al ons kinders dan saam die kerk skoongemaak. As Oom Chai tevrede was, het hy net deur toe geloop en dit oopgehou. Dan het ons geweet onse werk is klaar, en uitgestap.

Dan moes ons loop doen wat onse ouers verlang het. Omdat ek die oudste van onse kinders was, het ek en Klein-Neels dieselfde huiswerkies gehad. Ons het elkeen 'n spesiale emmer gehad, die misemmer. Ons moes dit volmaak met koeimis, nat koeimis as dit kon, waarmee onse ma's dan die vloer gesmeer het.

By die skool was onse swartbord 'n tafel wat op sy sy op 'n ander tafel staangemaak is. Dit was nie 'n goeie vervanger vir 'n swartbord nie en op 'n dag toe hy klaar was met al sy besigheid in die Pan, het Oom Chai aan onse swartbord gedink. Hy sê toe vir homself: Vandag gaan ek 'n swartbord iewers afbedel.

11.1 Wie het die skool op Vatmaar begin? (1)

11.2 Teacher Elsa en Oupa Lewies huldig verskillende sieninge oor 'n geskikte huweliksmaat vir Teacher Elsa.

Noem Teacher Elsa én Oupa Lewies se onderskeie sieninge. Noem EEN insident toe Teacher Elsa se optrede teenoor 'n man uiterlike konflik met Oom Chai veroorsaak het. (3)

11.3 Wie is die verteller in hierdie teks? Hoekom word juis hierdie verteller hier gebruik? (2)

11.4 Op watter TWEE maniere verskil die Saterdagskool van die gewone weeklikse skoolgaan? Hoekom is die Saterdagskool vir Oom Chai (in reëls 4 tot 7) belangrik? (3)

11.5 Herlees reëls 5 tot 9.

Gee TWEE ooreenkomste tussen hierdie kenmerke van Oom Chai en Vatmaar. Gee TWEE ander kenmerke van Oom Chai soos dit uit die roman blyk. (4)

11.6 Gee die sosiomaatskaplike asook die politieke agtergrond waarteen die roman gelees moet word, te oordeel aan reëls 14 tot 17. (2)

11.7 Slaag Oom Chai in sy doel om 'n swartbord vir die skool te bekom? Motiveer jou antwoord. Wat gebruik die kinders in die Vatmaar-skool wanneer hulle self moet skryf? (2)

**TEKS F**

Is dit al? Tant Wonnie het die On His Majesty's Service-koevert na haar uitgehou.

Mevrou Pienaar het die koevert oopgemaak. Ja, dié moet jy bewaar, Yvonne, sê sy toe sy haar naam op die sertifikaat sien. Laat ons sommer dadelik die aansoekvorm invul want ek sien jy is nie van Du Toitspan nie.

Ja, Juffrou, sê tant Wonnie, Vatmaar.

Die aanklaer het 'n vorm uit 'n vakkie gehaal en vir domanie se vrou gegee. Sy het dit ingevul. Teken hier, het sy gesê. Tant Wonnie het haar kruisie getrek. Toe het die aanklaer dit geteken en sy stempel as commissioner-of-oaths daarop gesit.

Ken u enigiemand hier in Du Toitspan, Yvonne? vra die domanie se vrou.

Ja, Juffrou, my oudste dogter, Kaaitjie. Sy werk by Mevrou Bosman, maar ek weet nie waar dit is nie.

Watter adres sal ons gebruik?

Vatmaar, Juffrou.

Jy het gesê jou eggenoot was 'n sersant in die leër, gesneuwel by Square Hill?

Ja, dit is wat hulle gesê het toe ek die brief met dié bo-aan gekry het. Tant Wonnie het na die O.H.M.S. op die koevert gewys.

Kom, Yvonne, sê die domanie se vrou en sy kyk na die muurhorlosie, dit is byna halfvier en ons het nog baie te doen. Ons sal eers 'n paar rokke en skoene op apro kry, soos hulle sê. By haarself het sy gedink sy wil nie op straat verskyn met dié ou vrou uit die bekveld nie. Ek sal haar pastorie toe vat en haar eers skoon kry, het sy besluit.

11.8 Watter gebeure gaan hierdie teks vooraf? (1)

11.9 Op watter TWEE maniere bewys mevrou Pienaar haar omgee teenoor Tant Wonnie ten spyte van haar gesindheid in reël 19 en 20? (2)

11.10 Wat gee aanleiding tot die uiterlike konflik tussen Tant Wonnie en Settie September na die afloop van hierdie teks? (1)

11.11 Dink jy die tema van onskuldige lyding in die roman is van toepassing op "die domanie se vrou", Tant Wonnie en Kenneth Kleynhans onderskeidelik? Motiveer telkens jou antwoord. (3)

11.12 Herlees reëls 1 tot 3 van TEKS E asook die onderstreepte sin in reël 7 van TEKS F.

Het die kinders van die Vatmaar-gemeenskap 'n groot voorsprong op Tant Wonnie wat opleiding betref? Motiveer jou antwoord. (1)

**[25]**

***ONDERWÊRELD*** **– Fanie Viljoen**

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 12: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG**

In dié roman ontwikkel Greg se karakter as gevolg van konflik.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 13: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS G**

"Meneer hoef nie daaroor te worry nie," glimlag ek my fake smile wat ek hou vir geleenthede soos hierdie wanneer ek met onderwysers te doen kry.

My kamer is, soos die res van die Matrieks s'n, op die boonste verdieping van die koshuis. Heel onder is die graadagts, dan neges, en so aan. My ma maak dadelik die venster oop. Sy het 'n ding omtrent vars lug.

"Sit eerder die aircon aan, Ma," sê ek en beduie na die remote control teen die muur.

Sy maak die venster weer toe en maak soos ek gevra het. Ek hou haar 'n ruk lank in stilte dop terwyl sy die eerste tas opknip. Haar hande bewe.

"En nou?"

Sy kyk op, teen die muur vas. "Jou pa," sê sy sag ná 'n ruk stilte. "Hy is nie regtig so hard nie ... Hy ís lief vir jou. Jy weet dit, nè, Greg?"

"Natuurlik."

Sy draai haar kop na my toe. Die hartseer lê vlak. "Jy sal nie ook, soos John ..."

"Ma, moenie worry nie." Ek trek haar nader en druk haar teen my. "Ek is oukei."

"Dankie. Dankie." Na 'n ruk maak sy haar arms los en vat 'n oomblik lank my hande, kyk daarna. Sy glimlag. "Ietsie ekstra vir jou," sê sy en haal 'n klomp honderdrandnote uit haar handsak.

"Ek kry mos sakgeld."

"Ek weet." Sy haal haar skouers op.

Daarna kom die uitpakkery. My ma wil dit doen. Ek laat haar begaan, trek net die kamerdeur toe dat die ander ouens nie sien nie.

13.1 Wat gee aanleiding tot Greg se antwoord in reël 1? (1)

13.2 Die skoolsekretaresse ervaar ook Greg se valsheid. Bewys hierdie stelling. (1)

13.3 Hoekom probeer Greg se ma hom oortuig van sy pa se liefde? Watter vrees in haar probeer sy hier besweer? (2)

13.4 Herlees reël 10 en 11.

Wat ís sy pa se ander kant? (1)

13.5 Watter DRIE omstandighede in Greg se ouerhuis maak hom ontvanklik vir Eckardt se invloed? (3)

13.6 Herlees reël 16 en 17.

Dui met TWEE voorbeelde aan dat geld die gesin "gemaak" het, en noem ook TWEE voorbeelde om te bewys dat geld die gesin "gebreek" het. (4)

13.7 Is dit vir jou aanvaarbaar dat Greg se ma sy uitpakkery behartig? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

**EN**

**TEKS H**

Die preek het venynig in my ore weerklink. Ek het kort-kort geknik. Dis soos my pa dit sou wou hê. Maar eintlik wou ek net daar uitkom. Weg van die verstikkende atmosfeer wat in daardie kantoor hang.

Die eerste periode het begin, maar ek loop eers badkamer toe om my gesig te was. Ek gooi my tas neer voor die badkamerdeur, terwyl ek hard sluk om my emosies in toom te hou. 'n Handvol water spat oor my gesig. Nog een. 'n Ruk lank staar ek na my nat gesig in die spieël. <u>Pappa se skouperd</u>.

Ek leun vooroor oor die wasbak. Wat nou?

Terug buitentoe. Ek mik na my tas se band. 'n Stukkie papier vang my oog, ingedruk onder die handvatsel. Ek kyk vinnig rond. Wie het dit daar gesit? Die gang is leeg. Ek vou die papier stadig oop.

*Moenie dat hy so met jou mors nie.*

Die meeste van my boeke is uit my tas gegooi. Hulle lê in 'n deurmekaar hoop op my bed. Ek druk my laptop in my tas. Die netwerkkabel ook. Met die tas oor my skouer stap ek terug skool toe. *Moenie dat hy so met jou mors nie.* Wie dit ook al is, hy is reg. <u>Ek gaan vir Dok terugkry</u>. Ek gaan uitvind wat hy gedoen het. En ek weet net waar om te begin.

Die hoofgebou is voor my. Dis waarheen Eckardt my gevat het die aand toe ons vir die terreinbestuurder gelieg het oor die skooltaak. Dis waar die netwerkkamer is.

13.8 Waarom bevind Greg hom hier saam met Dok Pienaar in sy kantoor? (1)

13.9 Watter soort verteller kom in TEKS H voor en waarom is dié verteller hier funksioneel? (2)

13.10 Herlees die onderstreepte sin in reël 7.

Waarom veroorsaak dié beeld nie vreugde by Greg nie? Is Greg teen die einde van die roman steeds sy pa se "skouperd"? Motiveer jou antwoord. (2)

13.11 By 'n vorige geleentheid het Eckardt, net soos iemand in reël 12 en 15, vir Greg aangehits.

Gee TWEE redes waarom hy Greg aanhits. Voer Greg sy belofte in die onderstreepte sin in reël 16 uit? Motiveer jou antwoord. (3)

13.12 Reëls 4 tot 7 van TEKS H bewys dat Greg nie "oukei" is, soos hy in TEKS G (reël 14) aandui nie.

Dink jy Greg is aan die einde van die roman "oukei"? Bewys jou antwoord met DRIE redes. (3)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

### *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Johnnie/Map se omstandighede het 'n invloed op sy keuses.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

### VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS I**

| | |
|---|---|
| CAVERNELIS: | ... Maar die ekstra loodwerk is so duur. En ons woon nie in 'n koophuis nie, maar in 'n huurhuis, en die munisipaliteit laat jou nie sommer toe om enigiets in die huis te doen nie, jy moet eers hulle verlof kry, vir ekstra werk, of enigiets. |
| LA GUMA: | You don't tell me, mister Cavernelis! ... en dan's al die bloody vorms nog in duplicate oek! Of even triplicate ... Die bureaucratic swine! *Cavernelis is ook nie dom wat die politiek betref nie. En hy slaag op dié manier om La Guma van die touspringery te laat vergeet.* |
| CAVERNELIS: | Yes, it's terrible, mister La Guma ... |
| LA GUMA: | Terrible! You're right! 'Is bloody terrible! *(Beklemtoon "bloody")* Die vylgoed, kyk wat maak hulle moet mý, kyk wat maak hulle moet jóú, moet al onse families ... *(Beduie met sy arms uitgestrek na die woonstelle.)* You call this living? Kyk die huise wat hulle vir ons gebou het! Yt Claremont en yt Woodstock yt ge-bulldoze ... tóé, Coloureds, ýt, ýt – gaan bly dáárso, daarso annerkant. Over there! Never mind the match-box houses, die sement-strippies wat pass vir strate, never mind die busfares ennie trainfares wat julle moet betaal om te travel werk toe. Never mind lat julle nie amenities en facilities in die township het nie! Dáái's group areas legislation, mister Cavernelis. Group areas, ha! More like prisons, big bloody prisons. |
| CAVERNELIS: | Nou kan jy sien, mister La Guma, dis hoekom ek en Maudie en Blanchie hierso wil weg. Dis hoekom ek en my gesin hierso uit wil kom ... |
| LA GUMA: | Hierso ytkom? You must be joking, mister Cavernelis! Or maybe you're lucky, maybe. |

15.1 Wat doen Cavernelis én Blanchie om hulle inkomste aan te vul? (2)

15.2 Noem EEN sosiomaatskaplike én EEN sosiopolitieke omstandigheid wat tot Cavernelis se woorde in reëls 1 tot 4 aanleiding gee. Wat is die dramatiese doelwit van dié dialoog? (3)

15.3 Gee die verskil tussen La Guma en Cavernelis se strewe om uit die township te kom. Hoekom is hiérdie strewe van La Guma en van Cavernelis onderskeidelik ironies? (3)

15.4 Herlees die toneelaanwysings/neweteks in reël 10 asook reël 12 en 13.

Wat is die funksie van die toneelaanwysings onderskeidelik? (2)

15.5 Dink jy La Guma se bitterheid in reël 13 en 14 in TEKS I is gemotiveerd? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

15.6 Gee die tema van die drama na aanleiding van La Guma se dialoog in reëls 19 tot 20. Op watter DRIE maniere geld dié tema vir Map Jacobs? (4)

**EN**

**TEKS J**

| | |
|---|---|
| CYRIL: | Smaak jy vir speel? |
| TOMMY: | Nei, man, anner keer ... |
| CYRIL: | Maar ek het dan gedink sy gaat oversea ... |
| TOMMY: | Ek oek ... Anyway ... Maar 'is seker nie onse biesagheit nie ... |
| CYRIL: | *(lag):* 'Is soes jy sê, ou Tommy ... So ... hulle siet mekaar weer, Blanchie, en Map Jacobs die bastard! |
| | *Die lig verander. Doof uit.* |
| | *Doof in: Blanchie en Map. Blanchie totaal verward en huilend. Op 'n afstand van mekaar.* |
| BLANCHIE: | *(bewend):* Dis ... Johnnie ... dis Daddy! Daddy! Jy ... kom ... help. Dis Daddy!! Daddy!! Daddy!! *(Sy skreeu.)* |
| MAP: | *(staar):* Blanchie ... |
| BLANCHIE: | Johnnie! Dis Daddy!! |
| MAP: | *(probeer haar kalmeer):* Hê, Blanchie ... Lyster nou eers ... Blanchie ... |
| BLANCHIE: | *(snik, praat dan):* Daddy! ... Johnnie ... hy word nooit so nie, hy's nog ... nooit ... nog ... so ... Johnnie ... gekyk nie ... Toe loop hy net ... weg ... net ... loop hy net ... |
| | *Map sit sy arm om haar, maar asof dit 'n elektriese skok is, ruk sy haar weg.* |
| BLANCHIE: | Nee! |
| MAP: | Okay ... Okay ... |
| BLANCHIE: | *(van haar wysie af):* Nie okay nie ... Shuddup!! Dis Daddy!! |
| MAP: | *(skreeu nou):* Blanchie! Sal jy stilbly! *(Hy gryp haar vas.)* |
| BLANCHIE: | Dis Daddy! *(Sy worstel in Map se greep.)* Los my! |
| MAP: | *(hard met haar):* Sal jy ... sal jy stilbly! ... *(Dan sagter.)* Blanchie ... Blanchie ... *(Sy verslap in sy arms.)* Blanchie ... |
| BLANCHIE: | Johnnie ... |
| MAP: | Daar's ... niks wat ons kan doen nie ... Blanchie ... Dit ... moet nou ... so gebeur ... |
| BLANCHIE: | Daddy ... Ek weet ... ek ... *(Dan skielik, hard.)* Johnnie ... wat het ... met ons gebeur ... Wat ... Ek ... is so ... sleg ... |
| MAP: | *(sit sy hand op haar mond):* Nee! ... Jy's ... goed ... |
| BLANCHIE: | Jy lieg ... Jy ... lieg, Johnnie ... lieg, lieg, lieg!!! |

15.7 Na watter teleurstelling vir Blanchie ten opsigte van haar loopbaan verwys reël 3? (1)

15.8 Dink jy Cyril ervaar, volgens reël 5 en 6, innerlike konflik oor Blanchie? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

15.9 Op watter TWEE wyses verseker die dramaturg dat spanning in dié teks toeneem? Is die skerp styging van spanning in hiérdie teks belangrik? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

15.10 Volgens die inhoud van reël 33 is Cyril in reël 6 verkeerd oor Map.

Gee 'n rede vir Cyril se woordkeuse in reël 6 én skryf die rede vir Map se verandering teen die einde van die drama neer. (2)

15.11 Wat gee aanleiding tot Blanchie se reaksie in reël 34? (1)

15.12 Herlees reëls 21 tot 25 van TEKS I asook reëls 16 tot 18 van TEKS J.

Slaag Cavernelis daarin om sy drome (reël 21 tot 23 van TEKS I) vir sy gesin te realiseer? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)
**[25]**

**MIS – Reza de Wet**

Beantwoord ÓF VRAAG 16 (opstelvraag) ÓF VRAAG 17 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 16: *MIS* – OPSTELVRAAG**

Meisie se omstandighede het 'n bepalende invloed op haar vryheid.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 17: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS K**

| | |
|---|---|
| KONSTABEL: | En wat is dit? Jou regte naam? |
| MEISIE: | *(baie skaam)* Margareta. |
| KONSTABEL: | *(innig)* Jy't 'n mooi naam, Margareta. |
| MEISIE: | *(hou hom onderlangs dop. Na 'n stilte)* Ek het nog 'n naam. |
| KONSTABEL: | Wat is dit? |
| MEISIE: | Johanna. *(Lag skaam. Staan op en beweeg na die venster terwyl sy sing-praat)* Margareta, Johanna, Margareta, Johanna, Margareta, Johanna. *(Laggie. Trek die gordyne effens opsy en loer deur.)* |
| KONSTABEL: | Waar is u nou, Juffrou? |
| MEISIE: | *(besig om te loer. Opgewonde)* Hier, by die venster. Ek kyk na die groot tent en al die liggies! |
| KONSTABEL: | Die sirkus. |
| MEISIE: | Ja. *(Draai na die KONSTABEL. Skielik vreesbevange)* Moet tog nie vir my ma sê nie, asseblief. |
| KONSTABEL: | Ek sal nie. |
| MEISIE: | Belowe. Belowe eers. |
| KONSTABEL: | Ek belowe. |
| MEISIE: | *(duidelik verlig)* En ek sal nie weer kyk nie. Regtig nie. |
| KONSTABEL: | Ek gee nie om nie. Ek hou ook van die sirkus. |
| MEISIE: | *(opgewonde)* Het u dit al gesien? *(Skielik skaam)* Ek ... is jammer. |
| KONSTABEL: | *(lag)* Nee. Maar ek sou wat wou gee. En jy ... Margareta? Het jy? |
| MEISIE: | Ja. *(Bang)* Maar ek mag nie daarvan praat nie. |
| KONSTABEL: | *(sag)* Maar jy het dit gesien? |
| MEISIE: | *(sag en vinnig)* Ja. |
| KONSTABEL: | Vertel vir my. |
| MEISIE: | Nee! Ek mag nie daaroor praat nie. Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink, is om te doen. |
| KONSTABEL: | *(byna verleidelik)* Maar jy kan tog vir my sê. Net een keer. Ek is 'n vreemdeling. En blind. |
| MEISIE: | *(onseker)* Ek weet nie ... |
| KONSTABEL: | *(fluister)* Niemand sal ooit weet nie. |
| MEISIE: | Nou goed, ek sal vir u vertel en dan sal ek daarvan vergeet. *(Knyp haar oë styf toe)* Vir altyd en vir ewig. *(Stilte.)* |

17.1 Noem TWEE sosiomaatskaplike omstandighede wat Meisie se lewe kenmerk. (2)

17.2 Gee 'n rede vir Meisie se dialoog in reël 4. (1)

17.3 Wat wil Konstabel in reël 3 en 5 met sy gesprek bereik? Slaag hy in sy doel, te oordeel aan reëls 6 tot 8? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (3)

17.4 In reël 9 kom dramatiese ironie voor. Motiveer dié stelling. (1)

17.5 Is Meisie se reaksie in reël 13 gemotiveerd? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

17.6 Herlees reëls 26 tot 28.

In watter opsig sluit dié woorde by die tema van die drama aan? Wat dóén Miem wat bewys dat dié woorde nié vir haar ook geld nie? (2)

17.7 Gee 'n karaktereienskap van Konstabel soos hy dit in reël 28 en 29 openbaar. (1)

17.8 Op watter TWEE wyses demonstreer Meisie in reël 22 én 32 haar subtiele verset teen haar ma se houvas op haar? Gee 'n ander voorbeeld uit die drama wat haar verset openbaar. (3)

**EN**

**TEKS L**

| | |
|---|---|
| GERTIE: | Die dorp word goed beskerm. *(Kyk skaam na die KONSTABEL)* Ek is seker daar sal dié keer niks gebeur nie. |
| MIEM: | Ek weet nie, Gertie. Ek ... het so 'n aardige gevoel. Maar wag, ek wil nie spoke opjaag nie. Kom ons gaan slaap. Nou goed, Konstabel, ek hoop ons sien u gou weer. *(Draai albei lampe se pitte af)* Ek draai maar die lampe se pitte af, Konstabel. Alles kos geld en vir u is dit om't ewe, nie waar nie? |
| KONSTABEL: | Dit is so, Mevrou. |
| MIEM: | Goeienag, Konstabel. |
| KONSTABEL: | Goeienag, Mevrou. Goeienag, Juffrou. |
| GERTIE: | Goeienag, Konstabel. |
| | *GERTIE EN MIEM verdwyn deur die gangdeur. Die verhoog is nou byna in donker gehul. Die KONSTABEL sit doodstil. 'n Deur klap toe. Die KONSTABEL sit nog vir 'n paar oomblikke stil, dan voel-voel hy onder die stoel na sy sak. Hy kry die sak en sit dit voor hom op die tafel neer. Dan kyk hy vinnig om in die gangdeur se rigting. Hy maak die sak oop, steek sy boarm in en voel-voel op die bodem rond. Met 'n vinnige beweging bring hy 'n blink, rooi appel te voorskyn. Hy neem 'n hap uit die appel, sit terug en kou. Na 'n rukkie kyk hy na die agterdeur. Hy sit die appel neer, staan op en beweeg stadig, maar sonder sy stok na die deur. <u>Hy maak die agterdeur oop</u>. Hy gaan staan met sy rug na die gehoor en luister na die musiek. Sy gesig is teen die gaasdeur en sy een hand bokant sy kop teen die kosyn. Vir oomblikke staan hy so. Dan draai hy stadig om.* |

17.9 Gee die presiese datum van "dié keer" in reël 2. (1)

17.10 Hoekom ignoreer Miem haar voorgevoel in reël 3 en 4? Hoe sluit hiérdie optrede by die titel van die drama aan? (2)

17.11 Dink jy Miem se handeling in reël 5 en 6 dra by tot spanning? Motiveer jou antwoord met TWEE redes én motiveer of spanning in hierdie teks binne die struktuur van die drama belangrik is. (3)

17.12 Herlees reël 21 van Teks K en die onderstreepte sin (reëls 21 tot 22) van TEKS L.

Hoe ondersteun Konstabel se woorde in reël 21 van TEKS K én sy handeling in TEKS L (onderstreepte reël 21 en 22) sy planne met Meisie? Gee TWEE redes waarom Konstabel juis vir Meisie as teiken vir sy planne uitgesoek het. (4)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## 2019

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 44 bladsye.**

**RIGLYNE VIR NASIENERS**

1. As 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. As 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. As 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae:
   As die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. As die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. Kontekstuele vrae:
   As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/ motivering/bewys verdien die punt.

11. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

12. Vir hierdie eksamen geld die volgende eksamenriglyne vir die opstelvraag:
    - Lees die opstelvraag die eerste maal en toon die reeks treffende argumente met die ooreenstemmende kode aan.
    - 'n Reeks treffende argumente is stellings wat met:
      - relevante verduidelikings gemotiveer word./
      - korrekte, gepaste aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word./
      - geparafraseerde aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word.
    - 'n Treffende argument is **nie** noodwendig in die formaat **punt, verduideliking én illustrasie nie.**
    - Lees die opstelvraag 'n tweede maal om die struktuur en taal te assesseer. Taalfoute word met onderstreping aangedui.

    Die aantal kodes in die opstelvraag word **nie** getel om 'n bepaalde punt by inhoud toe te ken **nie**.

## AFDELING A: GEDIGTE

### VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

**"Die sagte sprong" – Sheila Cussons**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Die aanvanklike belewing is 'n vlugtige aanraking van die verstand, met ander woorde dit is 'n intellektuele bewuswording wat van korte duur is. Die progressie is duidelik wanneer die spreker ervaar dat dié belewing nog lank daarna by jou/die mens/die spreker bly. Die vlugtigheid word dus iets blywenders**./Bv. versreël 2 en versreël 3: ... *'n aanraking van die verstand* ... asook *vlugtig* teenoor versreëls 5 tot 6: ... *die aandag nog lank daarna die indruk behou ...*
- **Die spreker beleef God se teenwoordigheid, hoewel lig en vlugtig, as iets wat presies is – die mens kan dit nie ontkom of ontduik nie en die invloed daarvan word progressief sterker, want dit bly 'n mens by**./Bv. versreël 3: *vlugtig maar presies ...* teenoor versreëls 5 tot 6: *dat die aandag nog lank daarna die indruk behou ...*
- **Die ligte/vlugtige aanraking is gelaai met krag – die aanraking is dus nie so lig en vlugtig soos aanvanklik vermoed is nie; die aanraking se intensiteit neem toe, want dis "potent". Iets wat "potent" is, het verreikende gevolge./invloed. Die gevolg is dat die aanraking 'n mens nie weer los nie, dit bly lank na die tyd by jou**./Bv. versreëls 4 tot 6: ... *so potent dat die aandag nog lank daarna die indruk behou, hoe moet sy vasvat wees?*
- **Ten spyte van die ligte aanraking/vlugtige aard van die aanraking, is dit iets wat die spreker/mens progressief beïnvloed: vir lank ná die belewing van God/die goddelike se teenwoordigheid bly die mens/spreker daaroor nadink./hom/haar daaroor verwonder./dit bly in die spreker/mens se gedagtes voortleef**./Bv. versreëls 5 tot 6: ... *die aandag nog lank daarna die indruk behou ...*
- **Die aanvanklike "aanraking" laat die spreker wonder oor 'n moontlike "vasvat" iewers in die toekoms – dus vooruitskouende progressie**./Bv. in versreël 2: ... *'n aanraking van die verstand ...* teenoor versreël 6*: hoe moet sy vasvat wees?*
- **Die progressie is duidelik wanneer "verstand" verander na "bewussyn" – die aanvanklike intellektuele aanraking neem toe: nou raak dit die hele wese. In die tweede deel van die gedig is die aanraking/belewing dus allesomvattend**./Bv. versreël 2 : *'n aanraking van die verstand ...* teenoor versreëls 8 tot 9: *iets wat die bewussyn tot in die lewe tref ...*
- **Die teenwoordigheid van God bring verdere progressie wanneer die aanvanklike intellektuele belewing/aanraking groei/toeneem tot iets wat die mens in sy/haar diepste wese tref, m.a.w. 'n emosionele/geestelike aanraking en belewing**. **Die gevolg van hierdie progressie is die herkenning van die mens se diepste emosies soos vreugde en verbasing**./Bv. versreëls 8 tot 10: *... iets wat die bewussyn tot in die lewe tref, ... asook vreugde, verbasing, vreugde, herkenning ...*
- **Wat aanvanklik 'n aanraking ("lig soos 'n veer") is, word in die tweede deel van die gedig baie intenser: dit tref tot in die lewe wat suggereer dat die "aanraking" ingrypend en ontroerend is. Duidelike progressie kom voor**./Bv. versreëls 2 tot 3: *'n aanraking van die verstand lig soos 'n veer, vlugtig ...* teenoor versreëls 8 tot 9: *iets wat die bewussyn tot in die lewe tref ...*

- **Die aanvanklike aanraking wat "lig soos 'n veer" is, word baie intenser in die slotreël van die gedig/versreël 11 wanneer die spreker verwys na "u vasvat"; die goddelike aanraking verdiep dus tot 'n vasgryp wat dui op onlosmaaklike/definitiewe/onmiskenbare ingryp deur God./die goddelike**./Bv. versreëls 2 tot 3: *'n aanraking van die verstand lig soos 'n veer, vlugtig ...* teenoor versreël 11: *hoe moet u vasvat wees?*
- **Die aanvanklike aanraking is "vlugtig", terwyl die slotreël aandui dat die goddelike "vasvat" – dit dui op iets permanenters, meer ingrypend as bloot 'n "vlugtige" aanraking. Dis 'n duidelike progressie**./Bv. versreëls 2 tot 3: *'n aanraking van die verstand lig soos 'n veer, vlugtig ...* teenoor versreël 11: *hoe moet u vasvat wees?*
- **Die belewing van God se aanraking word in die titel/gedig gelykgestel aan 'n sagte sprong" – die woord "sprong" suggereer beweging van een punt na 'n ander wat dui op progressie**./Bv. versreël 9: *iets soos 'n sagte sprong* ...
- **'n Verdere progressie kom voor wanneer die spreker in versreël 6 ván God/'n goddelike praat, maar in die slot van die gedig direk mét God/die goddelike praat**. **Die spreker beweeg dus nader aan God./die goddelike**./Bv. versreël 6: ... *hoe moet sy vasvat wees?* teenoor versreël 11: ... *hoe moet u vasvat wees?*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. **[10]**

**VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**

**" 'n brief van hulle vakansie" – Breyten Breytenbach**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 2.1 | "hulle" √<br><br>**EN**<br><br>"hulle gebede"/sy/haar ouers se gebede/<br>"hul Gij Here God"/Hulle God/Die God wat deur sy/haar ouers aanbid word √ | 1<br><br><br><br>1 |
| 2.2 | Dit versnel die tempo om aan te sluit by die jeugdige/hoeveelheid aktiwiteite waarmee die pa hom besig hou./<br>Dit verleen vloeiendheid aan die gedig om die pa se beweging/aksies te ondersteun./<br>Die opstapeling van aktiwiteite het baie meer trefkrag as gevolg van die enjambement./<br>Dit ondersteun die tempo waarteen die pa 'n groot hoeveelheid aktiwiteite beoefen./sy jeugdige krag uitleef. √<br><br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat mag nie nét 'n generiese antwoord gee nie. Dit moet binne konteks aangebied word.* | 1 |
| 2.3 | Die spreker beklemtoon sy/haar pa se jeugdige krag./benadruk sy/haar pa se gesondheid/liggaamskrag (in teenstelling met die latere veroudering)./kwaliteite (veelsydigheid/ talente/vaardighede/betrokkenheid in die samelewing) waaroor die pa beskik./<br>Die bewondering wat die spreker vir sy/haar pa/pa se kwaliteite het, word uitgehef. √<br><br>Die pa se jeugdige krag word teenoor die lyflike aftakeling a.g.v. die ouderdom uitgehef./<br>Die pa se geweldige krag word gestel teenoor die afgetakelde liggaam teen die einde van sy/haar lewe. √<br><br>**EN**<br><br>Die pa se jeugdige krag/sterk gesonde liggaam word gestel teenoor die oorweldigende kosmos wat die mens reduseer tot iets kleins./nietigs. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde aan vir EEN punt elk.*<br>*Een antwoord moet fokus op die aftakeling van die liggaam a.g.v. die ouderdom en die ander moet fokus op die mens se nietigheid teenoor die kosmiese verskynsels.* | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 2.4 | Sy/haar verganklikheid/<br>Die oudwordproses wat die spreker ervaar/waaraan die spreker blootgestel word √ | 1 |
| 2.5 | Herhaling √<br><br>Ja<br>Die gedig is 'n elegie/treurlied (waarin die invloed van die ouderdom op die spreker se pa oorgedra word)./<br>Dis 'n gedig waarin afskeid van die pa (se krag) geneem word. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.6 | Ja<br>Die gebrek aan 'n vaste rymskema sluit aan by die gesprekstrant (omdat dit 'n brief is) van die gedig./stem ooreen met die formaat van 'n vrye vers (waarin 'n vaste rymskema ontbreek)./ondersteun die elegiese toon./verteltrant./geselstoon. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"Wie's Hy?" – Adam Small**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Die <u>herhaling</u> van die (vraag in die titel)./'n retoriese vraag. √ | 1 |
| 3.2 | Alliterasie/b-alliterasie √ | 1 |
| 3.3 | Ja<br>Dit maak die rym in die bepaalde reëls minder opvallend./<br>Dit bind die reëls wat met mekaar verband hou./skep vloeiendheid binne dieselfde gedagte./<br>Dit beklemtoon die wanopvatting van mense (oor digters/taalgebruikers). √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 2 |
| 3.4 | Mense dink digters skryf met ink./dat digters noodwendig met pen en ink skryf./dat gedigte altyd neergeskryf word./<br>Mense dink digters skryf gedigte in studeerkamers./dat gedigte in studeerkamers ontstaan./<br>Mense dink dat gedigte a.g.v. diep nadenke deur die digter ontstaan. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan*. | 2 |
| 3.5 | Die spreker hef die werklikheid teenoor mense se wanindrukke uit./<br>Hy/Sy betrek die leser met sy/haar woorde./die antwoord wat hy/sy in die volgende versreëls gee./<br>Hy/Sy daag hulle/die mense se opvattings uit. √ | 1 |
| 3.6 | Gewone mense kan ook gedigte skep./skryf./<br>Almal wat taal op 'n klankryke/natuurlike manier gebruik, kan dig./<br>Mense wat speels/kreatief met taal kan omgaan, kan gedigte skryf./<br>Gedigte skryf is nie vir spesiale/uitgelese/uitgesoekte mense nie./<br>Mense in die straat kan ook gedigte skryf./<br>Gewone/Gespreks-/Natuurlike taal kan aangewend word vir gedigte. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>Die spreker wat die gewone mens/leser in versreëls 11 tot 15 direk aanspreek/<br>Die beklemtoning van "djulle"/"djúlle" (in versreël 11) (om die leser/gewone mens by die boodskap te betrek)/<br>Die herhaling van "djulle" (in versreëls 11 en 12)/<br>Die inhoud van versreël 11 wat die antwoord op die vraag in die titel gee/<br>Die uitroepteken aan die einde van versreël 15/<br>Die -oep-rymwoorde in versreëls 12, 13 en 15 √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"Nog in my laaste woorde" – NP van Wyk Louw**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | "Nog" √ | 1 |
| 4.2 | Jy sal nog in my laaste woorde wees/In my laaste woorde sal jy nog wees √<br><br>Dit hef die woord "Nog" uit (deur die voorplasing/vooropplasing)./<br>Die (voorplasing/vooropplasing van) "Nog" beklemtoon dat die spreker voortdurend aan die geliefde/skoonheid dink./<br>Deur die agterplasing van/Met die woorde "sal jy wees" word die geliefde/skoonheid (ook) uitgehef./<br>Die omkering/inversie van die woordorde verseker 'n jambiese metrum (wat by sonnette belangrik is). √ | 1<br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 4.3 | Ter wille van ritme/metrum √ | 1 |
| 4.4 | Dit beklemtoon elke deug van die aangesprokene afsonderlik./<br>Dit hef elke woord wat gebruik word, regmatig uit./<br>Die herhalende "en"/polisindeton dra by tot die vaste ritme./metrum. √ | <br><br>1 |
| 4.5 | Kruisrym/Gekruiste rym √<br><br>Die slotreëls/Versreëls 13 en 14 bevat die hoogtepunt/kern van die gedig./insig waartoe die spreker kom./<br>Die hoogtepunt/kern/insig van die gedig word tot 'n eenheid gebind./<br>'n Engelse sonnet eindig met 'n rymende eindkoeplet./gewoonlik met paarrym in die twee slotreëls. √ | 1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 4.6 | Ja<br>Die spreker besef dat hy/sy die dood nie meer hoef te vrees nie omdat sy liefde vir die aangesprokene selfs in die dood teenwoordig sal wees./die dood mooi sal maak./<br>Die liefde neem die vrees vir die dood weg; gevolglik is die spreker se lewe én die dood "mooi"./<br>Die aangesprokene voltooi die spreker se lewenskring/maak sy lewe volkome, daarom is hy nie bevrees vir die lewe/dood nie./<br>Die skoonheid maak 'n mens volkome, gevolglik kan selfs die dood vir die spreker aanneemlik/mooi wees./<br>Die spreker besef dat die dood onlosmaaklik deel is van die lewenskring, daarom is die dood ook vir hom aanneemlik./mooi. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat moet die teenstelling/paradoks in elke antwoord m.b.v. die gedig se inhoud aanspreek.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br><br>**EN**<br>Herhaling √ | 2<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"Die geel kanarie" – Donald W Riekert**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | "Die" √ | 1 |
| 5.2 | Assonansie/ee-assonansie √<br><br>Dit ondersteun die spreker se suggestie dat die kanarie moet "leer" om soos 'n vry voël te "eet" wat die natuur bied./<br>Dit vertraag die tempo om die bepaalde woorde uit te hef./te beklemtoon dat die kanarie natuurlike veldkos as vreemd/"bitter" ervaar./<br>Dit hef uit hoe die mens 'n voël van sy natuurlike habitat/natuurlike lewenswyse vervreem. √ | 1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 5.3 | Personifikasie √ | 1 |
| 5.4 | Ja<br>Dit beklemtoon die (klein) ruimte van die voëlhok(kie) waarin die kanarie aangehou is./dui op die beperkte ruimte in die voëlhok. √<br>Dit stel die ingeperktheid tydens gevangeneskap voor./ontneming van vryheid wat die kanarie in die natuur geniet. √<br><br>"prentjies" √ | <br><br><br><br>2<br><br>1 |
| 5.5 | Die mens/mensdom ontneem die kanarie van sy vryheid./natuurlike habitat deur hom in 'n klein hokkie aan te hou./<br>Die mens verander die aard van 'n kanarie deur hom/haar te laat praat./<br>Die mens is behep met TV-vermaak in plaas daarvan om die natuur te geniet./<br>Die mens kom met die natuur in kontak slegs deur na "prentjies" op die TV te kyk. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | <br><br><br><br>2 |
| 5.6 | Die gebrek aan 'n punt/leesteken sluit by die enjambement/leestekenloosheid van die gedig aan./<br>Die ontbrekende punt/leesteken suggereer dat die praktyk om wilde voëls/diere hulle vryheid te ontneem/om die natuur m.b.v. TV te ervaar nie ophou nie./nie stopgesit word nie./nie einde kry nie./<br>Dit sluit by die vryeversvorm aan./<br>Dit dui aan dat die proses nog nie afgesluit is nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | <br><br><br><br><br><br>1 |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: ROMAN**

Beantwoord EEN vraag.

**VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Iris verkeer onder die indruk/is van mening dat niemand van geboorte af na haar wou luister nie; dit veroorsaak dat Iris haar gesin sou wou konfronteer ás sy by geboorte verstand gehad het. Iris ontstel haar later nie meer veel hieroor nie, maar gaan aan met haar lewe en trou met Peter**./Bv. bl. 9: *Ek is spyt dat ek toe nog nie my verstand gehad het nie, want ek sou daarvan gehou het om op daardie punt 'n paar aanmerkings te maak.*
- **Die feit dat sy die derde kind/dogter in die huisgesin is, veroorsaak dat sy selde 'n keuse in haar gesin gebied word: alles wat sy kry, soos speelgoed en klere, kom van haar susters. Hierdie omstandighede veroorsaak dat Iris haar bestaan en die sin daarvan bevraagteken – sy beleef 'n eksistensiële krisis./identiteitskrisis. Sy soek na haar plek in die groter bestel. Haar ma moet bv. namens haar van Riekie ontslae raak, so asof sy afhanklik is van ander se ingryping in haar lewe. Hoe ouer sy word, hoe meer neem sy egter haar eie (vreemde) besluite soos bv. om met 'n graad in die letterkunde as stoelassistent by 'n tandarts te werk, al is haar pa daaroor ongelukkig. Later volg sy haar eie kop deur agter Peter aan te gaan ten spyte van Elsa se kritiek**./Bv. bl. 14: *Uit die aard van die saak was ek dus 'n alleenloper en, soos Polder, iemand wat op oorskietkos geleef het. In Polder se geval was dit sy eie keuse: hy het geweier om geblikte hondekos te eet. In my geval kon dit nie anders nie, ek het die speelgoed en dikwels die klere gekry waarvoor my susters moeg was.*/Bl. 25*: Ek het nooit gelag nie en smiddae laat deur die tuin geloop en tob oor die sin van die wêreld en my plek in die groter bestel.*/Bl. 17*: Ek het Riekie self steurend begin vind en gewens my ouers wil my verbied om hom te sien.*
- **Iris word groot in 'n onkonvensionele huis: haar ma is redelik afwesig en tree anders op as die ma's van Iris se portuurgroep. Ander matriekdogters se ma's verbied hulle kêrels om hulle te sien en Iris se ma doen dit nie. Dit veroorsaak dat sy nie langer met Riekie wil uitgaan nie. Sy smag na 'n definitiewe ingryping van haar ma in haar lewe. Dit veroorsaak dat Iris haar stelselmatig aan Riekie onttrek – haar ma wil haar nie help nie. Later volg sy haar eie kop en besluit op die ingewing van die oomblik om agter Peter aan te gaan. Sy het dus nie meer haar ma/ouer susters se betrokkenheid/ raad/optrede nodig nie**./Bv. bl. 17*: Ek het Riekie self steurend begin vind en gewens my ouers wil my verbied om hom te sien.*/Bl. 18*: "Ek wil hê julle moet my verbied om hom weer te sien." Sy het vir die eerste keer na my gekyk. "Nee, my ding, waarom sou ons dit doen? Riekie is 'n gawe seun."*
- **Gedurende Iris se ontwikkelingsjare ervaar sy dikwels dat haar susters telkens haar kollig steel en haar nie help of ondersteun om haar plek in die groter bestel te vind nie. Dit veroorsaak dat Iris onkonvensionele besluite neem: sy gaan werk by 'n tandarts as stoelassistent; sy skep haar eie fantasiekarakters waarmee sy kan fantaseer/gesels/ sodat sy uitdrukking aan haar gemoedstoestand/konflik kan gee. Dis nie vir haar langer so belangrik om raakgesien te word/bygestaan te word om haar plek in die samelewing te vind nie**./Bv. bl. 25*: En die ergste: elke keer dat ek deur 'n krisis of*

*interessante stadium gegaan het, was my susters my voor, hulle het die kalklig gesteel deur iets meer dramaties te doen. Soos die keer toe ek Riekie wou afsê en Kara 'n non wou word.*/Bl. 25*: Ek het nooit gelag nie en smiddae laat deur die tuin geloop en tob oor die sin van die wêreld en my plek in die groter bestel. Niemand het eens opgekyk nie, want Elsa was swanger.*

- **In Iris se huislike omstandighede voel sy dikwels dat sy nie ondersteuning kry oor haar blomtyd/in krisisse/met onsekerhede/ten opsigte van lewensvrae nie; dit veroorsaak by Iris 'n soort onsekerheid wat haar bewus maak daarvan dat sy nie verkeerde keuses wil maak nie. Sy soek desperaat na 'n blomoomblik. In alles wat met haar gebeur, wonder sy of dit nie dalk 'n blomoomblik is nie. Later in haar lewe besef sy dat 'n mens nie net een blomoomblik het nie. Sy besef ook dat 'n blomoomblik dikwels ongesiens verbygaan – dit dui op die groei wat by haar plaasvind**./Bv. bl. 87*: Onthou jy nie wat Ma altyd gesê het nie? 'n Iris blom net een keer per jaar. Ek is aan die oud word en dis tyd dat ek blom.*/Bl 104*: Ek glo al sedert my skooldae dat ek, soos my botaniese naamgenoot, die een of ander tyd moet blom en dat ek dus te alle tye gereed moet wees en nooit 'n nuwe aanbod van die hand mag wys of 'n potensieel opwindende situasie onbenut mag laat nie.*
- **Iris voel aanvanklik dat sy in die skadu van haar susters staan, want alles wat sy doen, is reeds deur haar susters gedoen; dit veroorsaak dat Iris erkenning wil hê/waardeer wil word vir insette wat sy (kan) maak. Dit lei tot 'n eksistensiële periode in Iris se lewe waartydens sy vir lang tye mediteer en vreemde klere dra. Hierdie gedrag/optrede dui op haar behoefte aan erkenning. Later in haar lewe neem sy wel haar eie besluite ten spyte van kritiek en kies Peter bo bv. die geleentheid om in modelwerk erkenning te kry**./Bv. bl. 34*: Dit was altyd dieselfde ou storie. Ek was te jonk. Ek kon nog nie saampraat nie. Ek het nie geweet waarvan ek praat nie. Van ek die dag gebore is, was dit so. Wat ek ook al gedoen het, was reeds deur hulle gedoen.*
- **Iris se familie spot haar oor haar naam; sy ontwikkel gevolglik 'n beheptheid met haar naam: sy glo haar naam het 'n bepaalde betekenis of ryke assosiasie. As "iris" (die blomplant) soek sy desperaat na een spesiale blomoomblik, maar wanneer Junior verklaar dat sy ma se irisse meer as een keer per jaar blom, begin Iris wonder of 'n mens ook (dalk) meer as een blomoomblik het. Dié twyfel wat Junior by Iris saai, veroorsaak dat sy later in haar lewe tot insig groei wanneer sy weet dat ook sy meer as een keer kan blom**. **Haar karakter ontwikkel so dat sy selfs besef 'n blomoomblik kan skielik kom en/of ongesiens verbygaan**./Bv. bl. 148*: "Dis tog 'n mooi blom," het ek myself verdedig. "Irisse is pragtig wanneer hulle in die lente blom." "My ma s'n blom in die herfs ook, ..." My lewensfilosofie was besig om te wankel.*/Bl. 186: *Ek sou al die irisse in ons tuin uitspit en aan 'n vriendin skenk sodat ek nie gedurig geterg word nie.*
- **Dat Iris nie 'n familienaam het nie, is vir haar 'n probleem, maar toe te skryf aan omstandighede buite haar beheer. Sy slaan haar naam in 'n woordeboek na waarna sy nie meer saam met die gesin oor haar naam spot nie; sy bly eerder stil oor haar gesin se "domheid". Die feit dat Iris die betekenisse van haar naam ken, terwyl haar susters nie die betekenisse van hulle name ken nie, veroorsaak dat sy skerpsinnig en diepsinnig voel. Later in haar lewe, onder die invloed van Peter en die Engel, aanvaar sy/weet sy dat 'n naam net 'n naam is. Gevolglik hou sy op om haar te bekommer oor moontlike betekenisse van die naam "Iris" en leef doodgewoon gelukkig**./Bv. bl. 10: *Toe ek klein was, het ek saamgelag, maar in my diepsinnige puberteit het ek geswyg en my gesit en verwonder oor hulle domheid.*/Bl. 10: *Waarom het niemand verby die moeë ou grappe oor flappe en "iets knaag weer vandag aan Iris se bol", gekyk nie?*
- **Iris se kwelvraag oor die betekenis en waarde van haar naam speel 'n groot rol gedurende haar ontwikkeling: Iris voel elke naam het 'n bepaalde betekenis, maar sy twyfel oor die waarde van haar naam. Uiteindelik kom sy tot insig (deur die invloed van die Engel en Peter) dat 'n naam net 'n naam is. Iris sien af van haar beheptheid met haar naam.**/Bv. bl. 132: *"Jou ouers moes jou nooit Iris gedoop het nie ..."*/Bl.132*: "As jy weer begin verduidelik wat jou naam beteken, gaan ek my kop in die sneeu begrawe ..."*

- **Iris is sedert haar geboorte uitgelewer aan 'n kritiese, uitgesproke, beherende ouer suster, nl. Elsa, met wie se kommentaar Iris as kind reeds moes vrede maak. Nadat Peter Iris saamnooi Amerika toe, skep Elsa se kommentaar dat 'n vrou nie agter 'n man aanloop nie, vir Iris 'n ongemaklike situasie. In die verlede het Elsa se kommentaar Iris beïnvloed, maar Iris is nou van mening dat sy vyf-en-twintig is en daarom kan sy haar eie besluite neem./weet sy wat sy wil doen: sy neem die besluit om vir Peter te gaan kuier**./Bv. bl. 85: *Elsa het my voornemende reis afgekeur. Sy en Hannes het kom groet die dag voor my vertrek en sy het haar mening ongevraag en onomwonde gegee. " 'n Meisie loop nie agter 'n man aan nie."/Bl. 86: "En wat van sy ouers? Hulle sal dink jy's 'n los flossie."*
- **Die gebrek aan opwinding in Iris se lewe lei daartoe dat sy vir haar bepaalde fantasiekarakters skep: dit gee haar die geleentheid om haar verbeelding vrye teuels te gee. Van hierdie fantasiekarakters is die Engel 'n belangrike karakter wat rigting aan haar lewe gee: Iris en die Engel voer gesprekke oor haar naam asook die feit dat die lewe nié 'n storieboek is nie. Dit bring by Iris die insig dat haar naam geen besondere verskuilde betekenisse het nie én sy besef dat haar lewe en besluite haar eie verantwoordelikheid is**./Bv. bl. 187: *"Die lewe is nie 'n storieboek nie."*/Bl. 37: *"En 'n naam is net 'n naam."*
- **Iris se aanvanklike stryd om haar plek in die samelewing/groter bestel te vind/beheptheid met die betekenis van haar naam neem onder die bestendiger, nugtere invloed van (veral) Peter en die Engel af. Iris dink meer volwasse oor dinge wat vroeër vir haar belangrik was. Sy besef 'n naam is net 'n naam. Sy besef ook dat 'n mens talle blomoomblikke kan beleef**./Bv. bl. 187: *"Die lewe is nie 'n storieboek nie."*/Bl. 187: *"En 'n naam is net 'n naam."*
- **Die omstandighede in die hotel in Amerika is vir Iris onaangenaam as gevolg van die onvriendelike klerk. Voorheen sou Iris die situasie ignoreer en konsentreer op haar fantasiekarakters. In Amerika doen sy egter iets wat sy voorheen nooit sou gedoen het nie, nl. om die vreemde man te konfronteer oor sy ongeskikte onhulpvaardigheid. Dit bewys dat sy groei tot volwassenheid en verantwoordelikheid. Sy neem haar plek in en deins nie terug vir uitdagings of onsekerhede nie**./Bv. bl. 108: *Ek het nader gestap. "Jy pla my. Ek is vreemd hier, soos ongetwyfeld die meeste van jou gaste. Jy kan ons help deur vriendeliker te wees, meer tegemoetkomend.*"
- **Die omstandighede in Vermont in die huis saam met Bettie en Brian se kinders laat Iris met ander oë na kinders/die huwelik kyk. Na Iris en Bettie se gesprek oor die kinders verander Iris haar oorspronklike standpunt: waar sy vroeër nie kinders wou gehad het nie, stel sy nou intens in Denise en Junior belang. Sy begin ook oor Peter anders dink. Dis duidelik dat Iris anders oor die huwelik begin dink**./Bv. bl. 139: *Ek het met meer ontsag na die spelende kinders gekyk.*/Bl. 185: *Ek het my probeer voorstel hoe dit sou wees as ek en Peter trou. ... Peter wou kinders hê en seker gou ook. ... Metterjare sou die houthuis vol kinders wees.*
- **Die werklikheid van Iris se huweliksomstandighede veroorsaak dat haar fantasieë verdwyn. Iris is nie nou meer 'n dromer nie omdat die werklikheid van Peter se teenwoordigheid haar fantasieë laat verdwyn. Sy besef die werklikheid is mooier as haar fantasieë**./Bv. bl. 213: *Bowendien was geen denkbeeldige karakter opgewasse teen die harde, fisieke werklikheid van Peter nie. Hy was snaakser, warmer en meer dimensioneel as die spookbeelde waarmee ek my jeug omgedroom het.*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. **[25]**

**VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| | | |
|---|---|---|
| 7.1 | Griekse godin van die reënboog/<br>Dienares in diens van hoëre gode/<br>Fleur de lis/blommotief op die Franse vaandel/<br>"Iris" dui op 'n blom./plant./<br>"Iris" dui op 'n deel van die oog (waarmee jy skerp kan sien). √√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 7.2 | Die byna verbeeldingryke ontmoeting tussen Iris en Peter/Peter wat net soos die een fantasiekarakter, Peter, lyk, sluit by Iris se verbeelding aan. √ | 1 |
| 7.3 | Beide het 'n ruwe aantreklikheid. √<br>Beide het selfvertroue. √<br>Beide is vir 'n tydperk Amerika toe. √<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Sy besef uiteindelik dat die werklikheid/haar huwelik met Peter/Peter se teenwoordigheid in haar lewe beter as fantasieë is. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 3<br><br><br><br><br>1 |
| 7.4 | Iris moet 'n definitiewe keuse maak tussen Frederik en Peter./besluit of sy haar aan Elsa se kritiek (dat 'n vrou nie agter 'n man aangaan nie) gaan steur en of sy haar eie kop gaan volg. √<br><br>*Die kandidaat moet albei kante van die konflik vir EEN punt aandui.* | 1 |
| 7.5 | Die roman speel gedurende die Apartheidsjare af. √ | 1 |
| 7.6 | Elsa aanvaar Johanna, die huiswerker, se hulp wanneer sy na haar troue verklee./<br>Johanna leen haar pêrels vir Elsa wanneer sy gereed maak om op wittebrood te vertrek./<br>Ma/Els noem Johanna haar "niggie" wat nie 'n pas hoef te dra nie./<br>Pa verbou aan Johanna se kamer soos Johanna dit versoek./<br>Die gesin laat Johanna toe om in die huis te woon (nadat Pa plaas toe is)./<br>Pa gaan woon alleen op die plaas, terwyl sy vrou alleen in die stad agterbly. √√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE soortgelyke antwoorde binne konteks vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 7.7 | Iris breek haar enkel (toe sy die ys met die graaf wil wegbreek waarna sy in die hospitaal opgeneem is). √ | 1 |
| 7.8 | (Die Engel het nie verhoed) dat sy haar enkel breek (nie). √<br>(Die Engel het nie voorkom) dat Bettie siek word/gif drink (nie). √<br><br>**EN**<br><br>Nee<br>Die Engel het haar wakker gemaak toe Bettie gif gedrink het./siek geword het./<br>Dit was 'n onvoorsiene ongeluk dat sy haar enkel gebreek het. √<br><br>*Die kandidaat kan nie JA as antwoord aanbied nie.* | 2<br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.9 | Ja<br>Die Engel sê duidelik vir haar dat 'n naam net 'n naam is; dit beteken vir Iris dat sy met haar beheptheid oor haar naam kan ophou./<br>Die Engel wys haar daarop dat 'n mens baie blomoomblikke kan hê./dat daar nie net een blomoomblik in 'n mens se lewe is nie./<br>Die Engel stel dit baie duidelik dat sy self verantwoordelikheid vir haar keuses moet aanvaar, aangesien hy nie altyd by haar is nie./sy nie altyd kan staatmaak op ander vir raad en leiding ten opsigte van haar lewe nie./<br>Die Engel lig haar in dat die lewe nie 'n storieboek is nie./dat die lewe vol werklikhede is./dat daar nie plek is vir baie fantasieë in die werklike lewe nie. √√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 3 |
| 7.10 | In die hospitaal/Vermont √ | 1 |
| 7.11 | Iris hou daarvan dat iemand anders die verantwoordelikheid vir gebeure/besluite moet aanvaar./<br>Iris voel onseker oor haar plek in die groter bestel wat daartoe lei dat sy nie foute wil maak nie./<br>Sy tob/ervaar konflik oor belangrike keuses/besluite in die lewe./<br>Sy is te bang om self die verantwoordelikheid vir haar besluite te neem./<br>Sy soek deurgaans na erkenning/bevestiging dat sy die regte ding doen./<br>Sy openbaar haar diepste gedagtes/konflik/onsekerheid dikwels aan die Engel. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord binne konteks vir EEN punt aan.*<br><br>Die ek-verteller dui aan die leser dat Iris iemand is wat van dramatiese insidente hou./<br>Die ek-verteller openbaar aan die leser dat Iris verwag dat iemand anders haar keuses moet bepaal./<br>Die ek-verteller skep die idee by die leser dat Iris tog daarin belangstel om kinders te hê./<br>Die ek-verteller suggereer aan die leser dat 'n huwelik met Peter vir Iris aanvaarbaar sal wees. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord binne konteks vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 7.12 | Iris soek na 'n blomoomblik, wat sy nie kry nie/vrees dat sy haar blomoomblik gaan mis wat aansluit by die tema dat elke mens blomoomblikke in sy/haar lewe het./<br>Iris wonder aanhoudend wanneer sy 'n blomoomblik sal beleef, hoewel dit nie gebeur nie. Dit sluit aan by die tema dat blomoomblikke soms ongesiens/onverwags plaasvind./<br>Iris wag ongeduldig op 'n spesifieke blomoomblik./Sy moet leer dat 'n mens soms meer as een blomoomblik kan beleef. Dit sluit aan by die tema dat 'n mens meer as een blomoomblik kan beleef./dat blomoomblikke dikwels onverwags oor jou pad kom./ongesiens verbygaan. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke formulering van Iris se verwagtinge ten opsigte van haar naam wat by die tema aansluit, vir EEN punt aan.*<br><br>Haar ouers moes haar nooit "Iris" gedoop het nie./<br>Hy wil sy kop in die sneeu begrawe wanneer sy begin verduidelik wat haar naam bete-ken/waarop haar naam dui./<br>Hy stem saam dat 'n naam net 'n naam is. √ | 1<br><br>1 |
| | | **[25]** |

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Baas se karakter ontwikkel as gevolg van innerlike konflik wat hy oor sy ouers se dood ervaar. Hy koester 'n wrok teenoor die plaaslike bevolking./die Lozi's./Hy wil hulle/die khuta nie help nie, maar hy kan nie anders as om goed aan die mense te doen nie. Later kry hy dit reg om hulle gebruike te aanvaar./met Grace in 'n bepaalde verhouding te tree./die bankies onder die worsboom te herstel as aanduiding dat hy die plek inrig vir gebruik deur die Lozi's. Sy karakter toon tekens van vergifnis en samewerking**./Bv. bl. 93: *"Ek wil ook nie weet van werksoekers en siek mense en honger mense en weeskinders en kruppel vrouens en sterwendes wat met 'n slee na my toe aangery word nie."*/Bl. 243: *Die mense om die bed vat hande. Hulle bly lank so staan met hulle koppe gebuig. "Dankie, Here. Amen." sê Baas*./Bl. 244: *Sy gee koperskroewe aan. Baas skroef die eerste bankie se plank op die stutpaaltjies onder die worsboom vas.*
- **Baas ervaar innerlike konflik oor die sendinggedagte op Manaka./die feit dat ouma Essie sê dat hy met 'n doel na Manaka gestuur is. Hy onthou die geestelike liedere wat hy as kind in die kerkie/by sy ouers gehoor/leer sing het, maar wil nie saamsing nie./wil nie saam bid nie./weier om Bybel te lees. Later maak hy vrede met sy Christenskap/sy geroepenheid: hy sit openlik en lees uit sy ma se Bybel./suggereer dat hy die herstel van die kerkie sal onderneem**./Bv. bl. 94: *"Ek is nie hiernatoe gestuur nie. Ek is op my eie hier*."/Bl. 94: *Baas hou op kap. "Ek moet die sendelinge help om hier op my eie werf in te trek sodat jy 'n werk kan kry ..." "Dit is hoe dit is." Baas swaai 'n hou na die hardekoolstomp.*/Bl. 234*: Wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie? het ouma Essie gesê.*/Bl.249: *... sê meneer Johnnie vroegoggend onder die worsboom langs die water waar Baas in sy ma se Bybel sit en lees.*
- **Baas se innerlike konflik oor godsdiens/sy geloof is 'n belangrike skakel in sy karakterontwikkeling: hy ontken aanvanklik dat hy 'n Christen is./praat baie lelik oor ouma Essie se opmerking dat hy 'n Christen is, hoewel almal om hom na sy goeie dade verwys en daaruit aflei dat hy 'n Christen is. Grace verwag van hom om as Christen uit te reik na/om te gee vir ander mense, veral die Lozi's, wat hy aanvanklik nie wil doen nie. Later aanvaar hy, nadat hy dikwels vrae oor Christenskap gevra het, dat hy nooit sy geloof werklik verloor het nie; hy begin in die Bybel lees en bid selfs by ouma Essie se siekbed. Uiteindelik suggereer hy ook dat hy die herstel van die sendingkerk sal onderneem./rig hy Manaka in as 'n bymekaarkomplek vir mense net soos dit in die tyd van sy oupagrootjie was, waarmee hy aandui dat hy sy rol as geestelike leier aanvaar**./Bv. bl. 91: *"Ek het maar net gedink ek sal jou mond toehou. Die laaste keer toe iemand jou 'n Christen genoem het, het jy baie lelik gepraat."*/Bl. 228: "*Omgee, ja. Dis sendingbloed." Baas raak aan Grace se skouer. "Is dit wat van jou 'n Christen maak?" "Ja, en die weet," antwoord sy. "Die weet waar ek heengaan, hier, en in die lewe hierna*."/Bl. 244: "*Die deure en die vensters vir die kerk en vir die huis het gekom," sê Baas.*

- **Baas ervaar innerlike konflik oor ouma Essie se uitspraak dat hy na Manaka gestuur is net soos die eerste sendeling soontoe gestuur is. Hoewel hy dit ten sterkste ontken, spook die uitspraak/sy geloofstryd by hom. Hy wonder wat van 'n mens 'n Christen maak, en vra die vraag aan Griesel, Nanna, ouma Essie en Grace. Omdat hy verskillende antwoorde kry, bly hy worstel. Hy besef dat hy voorheen nooit gewonder het of hy die Bybel glo nie, en vra selfs vir Johnnie wat hy van die Here weet. Hy lees die tekste wat ouma Essie vir hom gee om te lees; ook lees hy in sy ma se Bybel. Uiteindelik besef hy jou reg om 'n Christen te wees, maak van jou 'n Christen. Hy besef dat die drome wat 'n mens droom, drome is wat van God af kom. Hy besef ook dat die drome wat 'n mens droom, dikwels verskil van drome wat God vir jou beplan. Uiteindelik tree hy as die Lozi's se geestelike leier op wanneer hy Chisupo en meneer Daaimon uit die siek vrou se teenwoordigheid/uit ouma Essie se lapa wegdra./vir die eerste keer in jare bid hy by ouma Essie se siekbed**./Bv. bl. 94: *"Ook nie die werk waarvoor jy hiernatoe gestuur is nie."*/Bl. 94: *"As jy weggaan, sal die sendelinge ook weggaan."*/Bl. 95: *"Om my te help om 'n werk te kry, en om die pad vir die sendelinge oop te maak, is miskien party van die werke waarvoor die Here jou na Manaka toe gestuur het. Miskien is dit ook hoe hy die eerste sendeling gestuur het om Manaka te begin, lank voor my oupagrootjie se tyd."*/Bl. 210: *Hoekom het hy nooit gewonder of hy die Bybel glo, tot ouma Essie dit vir hom gevra het nie?*/Bl. 207*: Sonde is 'n gesindheid, sê Nanna ... Chrístenskap is 'n gesindheid, sê Griesel ... "Wat weet jy van Jesus?" vra Baas*./Bl. 234: *Wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie? het ouma Essie gesê*./Bl. 243: *Die mense om die bed vat hande. Hulle bly lank so staan met hulle koppe gebuig. "Dankie, Here. Amen." sê Baas*.
- **Hoe langer Baas op Manaka vertoef, hoe meer verdiep sy konflik oor veral Christenskap./geloof. Die teks in sy ma se Bybel (Joh. 3:16) met sy geboortedatum by laat hom wonder of 'n mens die ewige lewe kan hê en dit weer verloor. Na meneer Mosko se ma se dood wonder hy oor wat van 'n mens se siel word. Uiteindelik vra hy selfs vir Johnnie uit oor Christenskap en geloof. Die ontwikkeling wat plaasvind, is duidelik. Hy dra meneer Daaimon en Chisupo (as verteenwoordigers van die bose/die bygeloof) uit die siek vrou se kamer. Hy bid by ouma Essie se siekbed. Boonop sit hy teen die einde van die verhaal vroegoggend onder die boom en lees uit sy ma se Bybel – 'n Bybel wat hy aanvanklik nie Manaka toe wou saambring nie. Hy suggereer dat hy die kerk en huis se herstel sal klaarmaak. Hy herstel die bankies onder die worsboom sodat die gemeenskap weer daar byeen kan kom**./Bl. 184: *Hy gaan soek sy ma se Bybel. Baie verse is netjies met potlood en liniaal onderstreep ... By sy paraffienlampie lees hy hoofstuk 3 vers 16. Die datum wat sy ma daarby geskryf het, is 25 Maart 1952. Dit is die dag waarop hy gebore is*./Bl. 193: "*Baas tel hom op en dra hom uit. Die Een wat met die Vinger wys, verset hom nie*./Bl. 243: *Die mense om die bed vat hande. Hulle bly lank so staan met hulle koppe gebuig. "Dankie, Here. Amen." sê Baas*./Bl. 244: "*Die deure en die vensters vir die kerk en vir die huis het gekom," sê Baas.*
- **Baas ervaar baie konflik vanweë die sendelingpaar se teenwoordigheid op Manaka. By Griesel sien hy die teenkant van Christenskap. Baas besef dat woord en daad by Griesel nie ooreenstem nie; hy roem daarop dat hy 'n sendeling is, maar openbaar hoogmoed en onverdraagsaamheid teenoor Baas se optrede wat getuig van omgee en welwillendheid ten spyte daarvan dat hy met mag en mening ontken dat hy 'n Christen is. Baas groei tot insig dat sy eie optrede baie meer van Christenskap getuig as Griesel s'n./As predikant op Manaka erken Griesel dat hy 'n misplaaste droom gehad het wat Baas se konflik oor sy eie drome versterk, want hy sien dat 'n mens se eie drome en God se plan nie noodwendig dieselfde is nie. Aanvanklik hou hy vas aan sy droom om 'n boot op die Zambezi te kry, terwyl die gemeenskap se behoefte aan 'n geestelike leier sy planne aanhoudend in die wiele ry./ouma Essie hom kort-kort wys op sy rol as gestuurde. Uiteindelik ontwikkel hy so dat hy die leierskap as Manaka se geestelike leier aanvaar. Hy verwyder die verteenwoordigers van die bose by die ou vrou se siekbed deur Chisupo en meneer Daaimon uit die kamer te dra. Hy betaal meneer Johnnie se lobola sodat hy met sy gesin herenig kan word. Hy bid by ouma Essie se siekbed. Hy suggereer dat hy die**

**kerk se herstel sal waarneem. Hy herstel die bankies onder die worsboom**./Bv. bl. 122: *"Wat wil jy met die boot maak?" Ouma Essie staan vas teen Baas ... "Die drome wat die kinders van die Here droom, is die drome wat Hy vir hulle géé om te droom ..."*/Bl. 122: *"So romanties is dit darem nie, ouma Essie. Die boot moet my aan die lewe hou."*/Bl. 118: *"En wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie."*/Bl. 192: *Baas tel meneer Daaimon op en dra hom van die hut af weg*./Bl. 193: *Baas tel hom op en dra hom uit. Die Een wat met die Vinger wys, verset hom nie*./Bl. 239: *By Manaka beduie hy vir meneer Johnnie in watter sloot die bul lê. Hy stuur hom om vir sy skoonmense te gaan sê dit is die losprys vir sy vrou en kind.*/Bl. 244: *"Die deure en die vensters vir die kerk en vir die huis het gekom," sê Baas.*

- **Baas wil aanvanklik graag alleen wees, want hy dink hy het nie ander mense nodig nie; hy jaag Grace behoorlik weg wanneer sy hom tydens die malaria-aanval versorg. Later begin hy dink oor sy eie eensaamheid in die teenwoordigheid van Nanna en onder die invloed van Griesel se jaloesie. Hy dink terug aan Fires./dink aan Riekert se woorde. Uiteindelik besef hy hy kan nie alleen oorleef nie./hy het ander mense in sy lewe nodig, soos hulle hom ook nodig het**. **Gevolglik laat hy Grace toe om die vleisverkope te hanteer. Saam met Grace gaan soek hy die boot nadat hy vir haar sê om hom nie meer as "meneer" aan te spreek nie. Dis baie duidelik dat hy ontwikkel het van iemand wat alleen wil wees/niks met die Lozi's te make wil hê nie tot iemand wat 'n lewe saam met hulle aanvaar**./Bv. bl. 137: *"Ek kom goed klaar sonder geselskap."*/Bl. 145: *Baas se oë soek na die kuiltjie in haar wang ... Hulle bly staan elkeen met 'n punt van die handdoek in die hand*./Bl. 146: *Eintlik was Fires se hare meer rooi as bruin. En sy het baie sproete gehad. Nanna het net 'n paar sproete en dié lê alles oor haar neus. En hier rond vat almal maar so 'n ou lekselstjie roet deur die draad.*/Bl. 246: *"Jy moenie weer vir my 'meneer' Baas sê nie," sê hy.*
- **Baas ervaar konflik oor sy oupagrootjie se soektog na die skoenlapper: hoewel hy graag in sy oupagrootjie se voetspore wil volg, maak die khuta se gierigheid dit vir Baas onmoontlik om sy drome oor die boot te realiseer. Hy besluit om weg te gaan, maar nadat Grace hom aan sy droom herinner het, besluit hy om te bly om sy oupagrootjie se voetspore op 'n ánder manier te volg: nie deur 'n boot op die Zambezi te hê nie, maar as geestelike leier sy oupagrootjie se voorbeeld te volg. Sy aanvanklike soeke na tekens dat sy oupagrootjie wel op Manaka was, verander na 'n aanvaarding dat Manaka sy plek is, soos dit sy oupagrootjie se plek was. Hy kap, na die voorbeeld van sy oupagrootjie, Morena se kop teen die stutpaal vas. Hy herstel die bankies sodat die gemeenskap, soos in sy oupagrootjie se tyd, by Manaka kan byeenkom. So vervul hy sy oupagrootjie se droom om die ontwykende skoenlapper te vang**./Bv. bl. 174: *"O, die ou buffeljagter? Ja, hy was my oupagrootjie. Hy was 'n Kanadees."*/Bl. 174: *Baas is lank stil. Die suising in sy kop is terug. Hy weet dit het niks met die malaria te doen nie.*/Bl. 225*: "Ek wil jou iets wys." Baas vat Whitey se beker en gee dit ook vir Grace. Hy haal die ou bruin Bybeltjie met die blink leeromslag van die rak af.*/Bl. 226: *Whitey gryp Baas vas. Baas gee vir hom die Bybel.*/Bl.210: *Hy kerf nog 'n naam onder sy oupagrootjie se naam in die sagte bas uit: Baas Chipman.*
- **Wanneer Baas se drome oor sy boot telkens in die wiele gery word, baklei hy om wel die boot klaar te maak. Dís al wat hy op Manaka wil doen. Whitey se aankondiging dat hy die verlore boot in die Liabwa la Twelve gevind het, bring Baas tot die insig dat hy op Manaka selfs sy droom ten opsigte van sy boot kan realiseer./dat hy op Manaka kán bly**./Bv. bl. 211: *"Vandag slaan ek die laaste plank onderkant die waterlyn vas!" dawer Baas se dreigement tussen die klipkoppe in*./Bl. 220: *Laatmiddag draai hulle die laaste skroewe vas. Baas maak die voeë dig. "Nou sal my boot kan dryf," sê Baas* .../Bl. 224: *"Ek kom eintlik net hoor of ek nie daardie seuntjie by jou kan leen nie ... Ek het 'n droom gehad."*/Bl.245: *"Die boot het nie verby die waterval gedryf nie. Dit het in Liabwa la Twelve dwars gedraai en sit nou in die kanaal vas." "Jy het die boot gesién?" vra Grace vir Sitali.*
- **Dat Baas karakterontwikkeling ondergaan, is duidelik wanneer Whitey Baas se rol in die gemeenskap erken deur vir Baas planke vir die herstel van die bankies te bring; dit gee vir Baas die finale insig dat hy sy rol as geestelike leier nie langer kan ignoreer nie./dat**

| | |
|---|---|
| **hy 'n verantwoordelikheid het om in alle opsigte in sy oupagrootjie se voetspore te volg – daarom herstel hy die houtbankies sodat Manaka 'n plek kan wees waar die gemeenskap byeenkom, soos in die tyd van sy oupagrootjie**./Bv. bl. 223: "*Hierdie is joune. Jy het daardie dag gesê jy wil bankies bou. Ek het sommer stutpaaltjies ook saamgebring.*"/Bl. 224: "*Sy gee koperskroewe aan. Baas skroef die eerste bankie se plank op die stutpaaltjies onder die worsboom vas.*"<br><br>Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | **[25]** |

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 9.1 | Ouma Essie/Sy bring vir Baas 'n klein hondjie (in die plek van Brindle). √ | 1 |
| 9.2 | Baas het nie malariapille vir homself oorgehad toe hy malaria opdoen nie. √ | 1 |
| 9.3 | Tibelelo/Grace maak geen geheim van haar Christenskap nie, terwyl Baas ontken dat hy 'n Christen is./<br>Tibelelo/Grace dink Baas is Manaka toe gestuur, terwyl hy oortuig is daarvan dat niemand hom gestuur het nie./<br>Tibelelo/Grace help ander mense graag./voel dis haar plig om om te gee, terwyl Baas uitdruklik sê dat hy nie vir die welsyn van siek en arm mense verantwoordelik wil wees nie./<br>Tibelelo/Grace vergewe haar ouers se moordenaars (wit SA soldate), terwyl Baas 'n wrok teen sy ouers se moordenaars (swart mense) koester./<br>Tibelelo/Grace is deel van die Lozi-kultuur, terwyl Baas alleen is./'n buitestander is./'n Suid-Afrikaner is./wit is. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke verskille vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat bied albei kante van die verskil vir EEN punt aan.*<br><br>Hulle is albei wees./het albei hulle ouers (a.g.v. 'n oorlog) verloor./<br>Hulle is albei die enigste kind uit hulle ouers se huwelik./<br>Hulle word albei in godsdienstige huise groot./<br>Hulle doen albei goed aan ander mense. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke ooreenkomste vir EEN punt elk aan.* | 2<br><br>2 |
| 9.4 | Omgee/Mensekennis/Deernis √<br><br>Sy suggereer dat hy op Manaka gaan bly./dat hy in die toekoms op Manaka 'n sterk leierhond sal kan gebruik. √ | 1<br><br>1 |
| 9.5.1 | Baas moet (soos muluti Joseph) 'n gemeenskapleier/omgeeleier word./<br>Baas moet 'n stérk leier word (soos muluti Joseph)./<br>Baas moet die geestelike leier word (soos muluti Joseph was)./die sendingstasie se leier word. √ | 1 |
| 9.5.2 | Die lyfband simboliseer geestelike krag./leierskap./godsdienstige leierskap./godsdiens. √<br><br>Hy het liggaamlik al sy kragte herwin./het die gewig wat hy as gevolg van die malaria-aanval verloor het, teruggewin./het genoeg gewig opgetel dat sy broek nie meer sal afval nie. √<br>Hy is gereed om as geestelike leier sy plek in te neem. √ | 1<br><br>2 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.6 | Toe Manuel se dogter baie ernstig siek was as gevolg van malaria./Toe Baas op Manaka toelaat dat Sitali hom soos 'n skaduwee volg./vir Sitali aanvaar. √<br><br>Chisupo is haatdraend/venynig/vernielsugtig/onverantwoordelik/onhulpvaardig/selfsugtig, terwyl Grace omgee openbaar./hulpvaardig/sorgsaam/bedagsaam is. √<br><br>*Die kandidaat moet beide kante van die verskil vir EEN punt aanbied*. | 1<br><br>1 |
| 9.7 | Ja<br>Die leser sal dan ook kan weet/lees wat ouma Essie dink (nie net wat sy doen nie)./<br>Die leser kry insae in hoe sy Baas verstaan. √<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 9.8 | Die boom waaraan iemand/sy oupagrootjie lank gelede 'n draad/kabel/ketting vasgemaak het./'n Jakkalsbessieboom<br><br>Ja<br>Die roman/verteller suggereer dat dié boom dateer van sy oupagrootjie se tyd./sy oupagrootjie 'n kabel/draad om die boomstam vasgeknoop het. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| 9.9 | Baas is kwaad vir God/wil niks met godsdiens te make hê nie/probeer die sendelinge wegjaag/slegsê, maar ouma Essie verwag van hom om te help met die herstel van die kerk./die sendelinge bly afhanklik van hom./hy moet hulle bly help. √<br>Baas wil nie die plaaslike bevolking help nie, terwyl Grace meen dat dit sy plig is. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat bied albei kante van die konflik vir EEN punt aan.*<br><br>Ja<br>Al die konflik verdwyn omdat die sendelinge weg is./nie teruggekom het ná Griesel se malaria-aanval nie./<br>Al die konflik verdwyn omdat Baas aanvaar dat hy met 'n doel na Manaka gestuur is./Baas aanvaar dat hy en die Lozi's mekaar nodig het./Baas self weer die Here/sy geloof vind./<br>Wanneer Baas sy geestelike leierskap aanvaar, verdwyn die konflik. √<br><br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 2<br><br>1 |
| 9.10 | Baas val nie vir meneer Kebbey se (korrupte) plan om 'n vennootskap t.o.v. die boot aan te gaan nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>Meneer Kebbey het 'n meerderwaardige houding teenoor Baas./<br>Meneer Kebbey openbaar nie respek teenoor ouma Essie nie./<br>Meneer Kebbey is onderduims./skelm./korrup./<br>Meneer Kebbey wil met Grace trou./<br>Meneer Kebbey probeer Baas omkoop in 'n poging om 'n aandeel aan sy bootbesigheid te bekom./<br>Meneer Kebbey aanvaar sommer dat hy die nuwe stamhoof sal wees. √<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke antwoord vir EEN punt aan*. | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.11 | Ja<br>Die nuwe hoofindoena/meneer Jos is 'n uitgesproke Christen wat nie die godsdienstige byeenkomste op Manaka negatief sal beïnvloed nie./<br>Die nuwe hoofindoena was hoof van 'n skool wat beteken dat hy die saak van onderrig/onderwys/sendingwerk op Manaka sal steun./<br>Die nuwe hoofindoena sal Baas, as die nuwe geestelike leier op Manaka, erken/nie met korrupsie/eise uitbuit nie, want hy is 'n Christen.<br>Baas is die nuwe geestelike leier op Manaka wat in die verlede sy eie ding gedoen het./Baas, as die nuwe geestelike leier op Manaka, sal hom nie deur die khuta/ hoofindoena laat beïnvloed nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die nuwe hoofindoena moet nog eers bewys dat hy nie soos sy voorganger inhalig/korrup sal word nie./<br>Baas is die nuwe geestelike leier op Manaka wat moet sorg vir die voortbestaan van godsdiens, dit hoef nie deur die hoofindoena beïnvloed te word nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>Mense wat op God vertrou, word nie teleurgestel nie./<br>God sorg vir die mense wat in hom glo./vir Hom werk./<br>Korrupsie baat nie, want jy loop jou vas./<br>Mense hou van leiers met integriteit. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | <br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>2<br><br><br><br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

**VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Die omstandighede tydens die Tweede Vryheidsoorlog, nl. die afbrand van plaashuise, verander Oom Chai dat hy innerlike konflik beleef wanneer hy teen die boeremense moet optree. Hy voer sy opdragte slegs gedeeltelik uit, want hy wil die werk tot sy eie voordeel afhandel./hy sien in die omstandighede die geleentheid raak om iets te buit**./Bv. bl. 11: *Wel, ek het gedink ek kan nie staan en kyk hoe vrouens en kinders uit hulle huise gevat word en hoe alles wat hulle het aan die brand gesteek word op orders van die Queen nie.*
- **Oom Chai geniet die vertroue van die Engelse. Hy gebruik egter hierdie misplaaste vertroue deur hulle 'n rat voor die oë te draai: hy verander die Queen se "orders" en versteek die oorlogsbuit om dit ná die oorlog te gebruik./Hy sorg darem nie net vir homself nie: Ta Vuurmaak kry die treinwatertenk om in te bly sodat hy die vatmaar-goed kan oppas. Die omstandighede veroorsaak dat Oom Chai te kenne gee dat wat die Engelse doen, verkeerd is en dat hy nie teen sy gewete in wil voortgaan om iets te doen wat, na sy mening, verkeerd is nie. Dit is vir hom onaanvaarbaar dat bruikbare goed verbrand word**./Bv. bl. 9: *Ek weet nie wanneer Chai en die Corporal besluit het om die Queen se orders te verander soos dit hulle pas nie. Toe die wa met die Boeremense en hulle se goed by die vyfde plaashuis vertrek, het Chai vir my gesê: Jy bly by ons, en hou jou bek. Hulle moes my help om die sinkplate van die dakke af te haal en om die beste houte, vensters en deure uit te breek en die beste huisraad, potte en panne bymekaar te maak. Chai het gesê dis vatmaar-goed.*/Bl. 10: *Onthou jy die groot watertenk ... dit sal 'n baie lekker slaapplek uitmaak*./Bl. 11: *Wel, ek het gedink ek kan nie staan en kyk hoe vrouens en kinders uit hulle huise gevat word en hoe alles wat hulle het aan die brand gesteek word op orders van die Queen nie.*
- **Oom Chai se liefde strek oor grense heen. Alhoewel sy werk van hom vereis het om ongenaakbaar te wees betoon hy meelewing aan die Boeremense. Hy gee daarom opdrag dat die Cape Boys 'n graf vir die ouma (wat doodgebrand het) moet grawe./hy bid vir die ouma wat doodgebrand het. Hy ontferm hom oor die gemeenskap se opvoeding en onderrig deur die kerk as skool te gebruik en self toe te sien dat die plek skoon bly en versorg word. Later haat hy die jonges wanneer hulle by Bettie aanlê**./Bv. bl. 8: *Chai het toe vir ons boys gesê om die grawe en pikke te bring en 'n graf te grawe net langs die lyk. ... die Onse Vader opgesê. Chai het dit saam met haar gesê.*/Bl. 100: *Na die Gebed het al ons kinders dan saam die kerk skoon gemaak. As Oom Chai tevrede was, het hy net deur toe geloop en dit oopgehou. Dan het ons geweet onse werk is klaar, en uitgestap./* Bl. 281: *Die grootste haat wat my lewe verpletter, is die Kapenaar, het hy homself hoor sê*./Bl. 281: *Uit, jou vuilgoed!*
- **Oom Chai en Corporal Lewis raak hegte vriende ten spyte van hul ras- en klasseverskil. Hy werk saam met Corporal Lewis al is hy een van die Engelse. Chai besef dat Corporal Lewis anders as die ander Engelse is en daarom vertrou hy hom – soveel so dat hulle hegte vriende wat mekaar help en bystaan, word**./Bv. bl. 12: *Toe sit hy sy hand op my knie en sê: Charlie, you are the only friend I have*./Bl. 42: *Toe het die twee ou vriende hulle arms*

*laat sak en sonder om na te dink het elkeen sy kakiesakdoek uitgehaal en die ander se gesig afgedroog.*

- **Oom Chai is 'n gerespekteerde man in die gemeenskap. Hy is, as gevolg van sy waardigheid en die respek wat hy geniet, die sedebewaker van Vatmaar. Dit is dus nie eie aan sy karakter wanneer hy inwillig om met Bettie, wat 'n voorkind het, te trou nie. Hy doen dit om sy familienaam te beskerm en Bettie se naam te red**. **Die nuwe omstandighede veroorsaak dat die gemeenskap agter sy rug vir hom lag**./Bv. bl. 273: *Hulle het bymekaargekom om die onaangenaamheid in die familie te bespreek, en na hulle hom 'n gat in die kop gepraat het, het hy ingestem om Bettie en die babaseun met hom terug te vat*./Bl. 273: *Later het ons gehoor die kind se pa is een van Oom Steven se seuns " 'n getroude man met kinders."*/Bl. 274: *Hy het " 'n kind getrou, die vuilgat!"*
- **Oom Chai se huwelik met Bettie bring bepaalde veranderinge in oom Chai se menswees teweeg: omdat hy hom soos 'n jongman probeer gedra, saam met die jonges dans en die stokvel bywoon, verloor hy aansien in die gemeenskap. Wat vantevore onaanvaarbaar was, is nou vir oom Chai van lewensbelang omdat hy op dié manier by sy jong vrou probeer byhou. Ondanks die veroordeling deur die oumas van sy portuur (hulle noem hom 'n gek) neem hy in belang van sy huwelik daaraan deel**./Bv. bl. 274: *Hy het " 'n kind getrou, die vuilgat!"*/Bl. 273: *Ons het nooit geweet wat gebeur het en hoe dit gebeur het nie. Oom Chai het glo net die baba opgetel en die kind het van hom gehou, 'n ding wat hom nog nooit vantevore oorgekom het nie.*/Bl. 279: *Vroeër het hy altyd onder sy peperboom gesit en alles veroordeel wat hy by die stokvel sien gebeur het.*/Bl. 279: *Hy het nooit van die dansery gehou nie, maar nou was hy een van die voorbokke.*
- **Oom Chai se nuwe omstandighede, nl. dat hy die eggenoot is van 'n jong vrou, verander sy menswees totaal: hy word 'n jaloerse, besitlike man omdat die jongmanne Bettie besonder aantreklik vind. Hy trek haar roksoom gedurig in hul geselskap af sodat hulle nie haar knieë kan sien nie. Dit irriteer Bettie erg./lei tot konflik tussen haar en Oom Chai. Oom Chai kom tot die besef dat hy 'n gek was om met 'n jonger vrou te getrou het**./Bv. bl. 279: *Maar wat sy nie kon verdra nie, was dat as sy op 'n stoel gesit het en daar was jong manne in die buurt, hy haar roksoom afgetrek het.*/Bl. 281: *Nou weet ek waar ek die fout gemaak het. Ek moes Bettie by my outydse manier van lewe laat inval het.*
- **Oom Chai wat aanvanklik preuts/konserwatief is, word deur sy huwelik beïnvloed: sy voorkoms verander omdat hy by Bettie wil inpas. Hy pas sy klere só aan dat hy jonger lyk – hy dra nie meer kruisbande nie, maar net 'n gordel; hy knip ook sy snor af**./Bv. bl. 278: *Óf Bettie óf Oom Chai het sy manier van lewe verander ... nou was net 'n belt genoeg om sy broek op te hou. Die weglêpunte van sy moestas was weg.*
- **Die nuwe omstandighede in oom Chai se huis, nl. dat daar baie jonger mense kuier as gevolg van die jonger vrou en die musiek/dat hy deur jaloesie verteer word, isoleer oom Chai van sy vriende omdat niemand meer vir hom kom kuier nie. Voor sy dood kom hy tot inkeer. Dit is duidelik dat hy karakterontwikkeling ondergaan: net voor sy dood besef hy dat hy verkeerd opgetree het nadat hy met Bettie getroud is**./Bv. bl. 280: *Sommer gou het nie een van Oom Chai se ou vriende nie meer by hom kom kuier nie, want hulle het gesê hulle voel ontuis.*/Bl. 281: *Ek moes nie soos 'n jong man van haar ouderdom probeer leef het nie. Ek moes Bettie by my outydse manier van lewe laat inval het.*
- **Die huwelik met die veel jonger vrou, verander oom Chai se menswees: oom Chai probeer so hard om by Bettie se jeug aan te pas dat hy – wat voorheen die stokvel veroordeel het selfs 'n "gramophone" koop. Dit veroorsaak dat sy huis al voor sononder vol jongmense is. Dit is duidelik dat Oom Chai, wat by die jongmense probeer inpas, later tot die insig kom dat hy sy ou vriende afgesterf het en dat hy eintlik nie die laatnagte kan vat nie.**/Bv. bl. 279: *Sy grootste fout was om 'n gramophone en plate te koop, want daarna was die voorkamer al voor sononder vol jong mense.*/Bl. 280: ... *nie een van Oom Chai se ou vriende meer by hom kom kuier nie,* ... /Bl. 279: *Dit was nie lank voor Oom Chai nie meer die laat nagte kon vat nie.*

- **Oom Chai se huwelik met Bettie en die belangstelling van ander jonger mans in Bettie verander die eens selfversekerde, gerespekteerde man in 'n ontevrede, onaangename ou man wat nie daarvan hou dat Bettie met ander seuns dans nie**./Bv. bl. 279: *Hy het nie daarvan gehou dat die seuns met haar dans nie*./Bl. 279*: As hy dan weg was, het die kêrels met hulle oë vir haar gewys sy moet die rok weer opskuif.*/Bl. 281*: Sy het soos 'n hen in 'n hok in haar eie huis gevoel.*
- **Oom Chai se ouderdom tel teen hom. Die pogings om soos 'n jong man te leef, haal hom in wanneer hy ontnugterd besef dat hy 'n gek van homself gemaak het. Hy kom tot insig dat hy 'n ou man met allerlei liggaamspyne is. Hy erken dit teenoor homself en kom tot die besef dat hy nie sy lyf soos 'n jong man kan hou omdat hy met die jong vrou getroud is nie**./Bv. bl. 281: *Ek moes nie soos 'n jong man van haar ouderdom probeer leef het nie. Hy het dinge probeer verander, maar dit was te laat.*
- **Oom Chai is 'n mens wat gentleman-maniere openbaar omdat hy daaraan glo. Hy besef met die verloop van tyd dat hy 'n groot fout begaan het met Bettie, hoewel hy dink dat hy Bettie lief het en aan klein Job as sy eie dink. Hy besef dat sy gentleman-maniere Bettie glad nie aanstaan nie**. Hoewel hy probeer om sy eie huislike situasie te verander, kry hy dit nie reg nie./Bv. bl. 279: *Oom Chai wou 'n gentlemen wees. Hy het altyd die deur vir Bettie oopgehou. As die tee ingebring is het hy haar koppie eerste van die skinkbord getel en vir haar gegee. Maar wat sy nie kon verdra nie, ..."*/Bl.281: *Ek moes nie soos 'n jong man van haar ouderdom probeer leef het nie. Ek moes Bettie by my outydse manier van lewe laat inval het.*
- **Oom Chai, die eens liefdevolle oupa en gerespekteerde gemeenskapsleier, verander in 'n man wat ander uit sy huis jaag, bv. Boitjie**./Bv. bl. 281: *Die grootste haat wat my lewe ver-pletter, is die Kapenaar, het hy homself hoor sê*./Bl. 281: *Uit, jou vuilgoed!*
- **Oom Chai wat 'n leier in Vatmaar/geliefd is en gerespekteer word in sy gemeenskap, laat toe dat sy omstandighede soveel jaloesie by hom veroorsaak dat hy Bettie dag en nag bewaak – wat haar in 'n gevangene verander: sy voel soos 'n hen in 'n hok**./Bv. bl. 281: *Hierna kon Bettie nêrens meer sonder Oom Chai gaan nie. Sy het soos 'n hen in 'n hok gevoel.*
- **Oom Chai se ouderdom gepaardgaande met die ontnugtering oor sy huwelik/die foute wat hy in sy huwelik begaan het, veroorsaak dat hy een oggend nie weer wakker word nie. Sy stryd oor 'n jong vrou verander hom van 'n wonderlike omgeemens na iemand wat jaloers en haatdraend is, en sy insig laat hom ontnugter en ongelukkig sterf**./Bv. bl. 281: *Die dwang op 'n ou lyf om te doen wat vir 'n jonge bedoel is, het sy prys gevra. Een oggend, soos dit maar gaan met oupas wat met jong meisies trou, het hy nie weer wakker geword nie.* **[25]**

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

**VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 11.1 | Oom Chai √ | 1 |
| 11.2 | Teacher Elsa gee voorkeur aan 'n wit man bo 'n gekleurde man. √<br><br>Oupa Lewies verkies 'n ordentlike/"decent" gekleurde man wat Elsa haar man kan noem./wat vir Oupa Lewies as Pa aanspreek. √<br><br>Sy/Elsa sit rooi verf aan haar lippe/soet poeier op haar gesig (in 'n poging om 'n wit man wat die skool besoek het, te beïndruk) wat Oom Chai kwaad maak./veroorsaak dat Oom Chai haar stuur om haar gesig te gaan was./verbied om so in die kerk op te tree. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 11.3 | Klein Neels se (oudste) broer/Karel en Lucy se seun/'n seun wat altyd na Ta Vuurmaak se stories gaan luister het. √<br><br>Hy is 'n inwoner van Vatmaar wat alles belewe het./geloofwaardig daaroor kan verslag doen. √ | 1<br><br>1 |
| 11.4 | In die week moes die kinders in Engels skoolgaan, maar op Saterdae het alles in Afrikaans gebeur./<br>In die week het Teacher Elsa die kinders laat werk, maar op Saterdae was Oom Chai in beheer./<br>In die week het die kinders van agtuur tot twaalfuur volstoom gewerk sonder 'n blaas-kans, maar op Saterdae het hulle die Onse Vader opgesê en die kerk skoongemaak. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE verskille vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat bied die twee kante van die verskil vir EEN punt aan.*<br><br>Vir Oom Chai was dit baie belangrik dat die kinders 'n geleentheid het om in Afrikaans te bid./hulle moedertaal te gebruik./almal saam die kerk moet skoonmaak (as betaling vir die kerk se gebruik). √ | 2<br><br>1 |
| 11.5 | In Vatmaar is daar mense wat godsdienstig was./volgens die Woord van God geleef het./dikwels gebid het, net soos Oom Chai dit koester. √<br>Afrikaans was die taal van die Vatmaar-gemeenskap./Hulle het aan Afrikaans gedink as "ons eie taal"./Afrikaans is die Vatmaar-mense se "huistaal", terwyl Afrikaans ook vir Oom Chai belangrik is. √<br><br>Hy is skelm-slim./<br>Hy is 'n omgeemens./<br>Hy het familietrots. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2<br><br>2 |
| 11.6 | Die mense van Vatmaar was arm./aangewese op die natuur./meestal werkloos. √<br>Die verhaal speel af in die jare ná die Tweede Vryheidsoorlog/Suid-Afrikaanse Oorlog toe segregasie van rasse opvallend was. √ | 1<br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.7 | Ja<br>Hy kry 'n swartbord by 'n (wit) skool in die omgewing. √<br><br>**EN**<br><br>Lei/griffel √ | <br>1<br><br><br><br>1 |
| 11.8 | Die hofsaak waarin Tant Wonnie onskuldig bevind is./<br>Die uitspraak van die magistraat dat tant Wonnie onskuldig is (aan diefstal)./vergoed moet word vir die onregmatige aanhouding./haar man se oorlogspensioen moet kry. √ | 1 |
| 11.9 | Sy vul vir Tant Wonnie die vorm by die aanklaer se kantoor in./<br>Sy maak seker dat daar warm water is vir Tant Wonnie se bad./<br>Sy reël by die winkel ook vir 'n kam en borsel./<br>Sy gee vir Tant Wonnie 'n spieël saam huis toe. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 11.10 | Settie-hulle drink al tant Wonnie se gemmerbier uit (nadat sy hulle rit betaal het). √ | 1 |
| 11.11 | Domanie se vrou:<br>Nee<br>Sy is meerderwaardig./sien neer op ander./is bevoorreg omdat sy wit is. √<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.*<br><br>Tant Wonnie:<br>Ja<br>Sy verloor (drie) kinders as gevolg van die groot griep./haar man sterf in die oorlog./sy verloor haar huis as gevolg van armoede./word onregverdig beskuldig van diefstal./in die tronk gegooi./<br>Tant Wonnie se dogter, Kaaitjie, sterf tydens die geboorte van Tant Wonnie se kleinkind. √<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br><br>Kenneth Kleynhans:<br>Ja<br>Hy verloor vir Kaaitjie/die ma van sy kind (vanweë die agterdog/meerderwaardigheid/ rassisme van mevrou Bosman./as gevolg van die onaanvaarbare tronktoestande) sonder dat hy haar kon help. √<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br><br>*Die kandidaat bied DRIE soortgelyke antwoorde binne konteks vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br>1<br><br><br>1 |
| 11.12 | Ja<br>Die kinders van Vatmaar het 'n skool waar hulle kon leer lees en skryf, terwyl Tant Wonnie sonder skoolopleiding deur die lewe moes gaan./nie kon lees of skryf nie. √ | 1 |
| | | **[25]** |

***ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen**

**VRAAG 12: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Greg is op die oppervlak 'n tipiese skoolheld – hy is goed in atletiek, die vleuel van die eerste rugbyspan, hoofseun. Sy pa verwag van Greg om nege onderskeidings te behaal en om op alle vlakke te presteer. Sy pa verwag ook van hom om oor sy toekoms te dink en te beplan (soos wat hy in sy besigheid beplan). Hieroor ervaar Greg konflik, want wat sy pa van hom verlang, is nie vir Greg belangrik nie. Sy pa se verwagtinge veroorsaak daarom dat hy rebelleer en by kuberkrakery betrokke raak en gevolglik sy skoolwerk afskeep./**Bv. bl. 48: *"Ek het beter verwag van jou," praat hy met my asof ek een van die direkteure van Turret is: "Ruggraat! Kry een!"*/Bl. 48: *Turret Media. My pa se magtige media-masjien. Sy lewe draai om die plek, en hy dink myne moet ook.*
- **Greg word deur sy pa gekonfronteer (uiterlike konflik) ná sy weiering om die rugby-wedstryd te speel. Sy pa verwag van hom om rugby te speel en nie die skoolhoof se gesag te ondermyn nie; Greg weier om te speel aangesien die skool, na sy mening, nie genoeg doen om Eckardt op te spoor nie. Greg besef dat alles eintlik oor sy pa se aan-sien gaan. Dit grief hom omdat hy deur sy pa gedwing word om Dok Pienaar verskoning te vra – iets wat hy nie eintlik wil doen nie. Sy innerlike stryd en opstand teen gesag word duidelik wanneer hy homself belowe dat hy Dok Pienaar sal ontmasker**./Bv. bl. 105: *"Wat hoor ek van Dok Pienaar? Jy het glo gister geweier om rugby te speel." Net soos 'n bom wat ontplof. Bloed en skerwe oral.*/Bl. 105: *" ... nou moet ek verduidelik. Geen liegstories nie, my pa sal weet." "Watse snert is dit?" vuur my pa nog 'n rondte af.*/Bl. 126: *Ek gaan vir Dok terugkry. Ek gaan uitvind wat hy gedoen het.*
- **Die wanbeeld en leuens wat Greg aan sy pa voorhou wanneer sy pa hom uitvra oor sy skoolwerk, asook die onverantwoordelikheid met betrekking tot sy pligte as hoofseun pla Greg geweldig en veroorsaak innerlike konflik by hom. Hoewel hy weet wat van hom verwag word, doen hy dit nie omdat hy kwaad is. Hy is omgekrap oor sy pa se aanhoudende druk op hom en daarom rebelleer hy deur sy optrede te regverdig: hy gee nie om nie**. **Dis negatiewe ontwikkeling, want dis nie hoe Greg behoort op te tree nie**. **Dis egter duidelik dat die leuens hom pla. Hy weet dis die verkeerde ding om te doen**./Bv. bl. 165: *Weer 'n leuen ... Loser. Daardie woord krap nog en dit voel ál nader aan die werklikheid. En ek moet die skyn voorhou dat alles oukei is.*
- **Aanvanklik is dit duidelik dat Greg redelik gewild is en dat die ander leerlinge van die skool opkyk na hom. Hy besef egter dat hy nie werklik van die aandag hou nie. Hy besef dat hy nie graag wil doen wat van hom verwag word nie omdat hy hom teen elke vorm van gesag verset. Hy ontvlug die druk en skuldgevoel deur met kuberkrakery voort te gaan, hoewel hy deurentyd skuldig voel oor die skoolwerk wat hy afskeep asook die leuens wat hy vertel. Hy begin wonder of hy hoegenaamd 'n leier is as niemand hom volg nie**./Bv. bl. 193: *"Jy's hulle hero, Greg. Veral die jong outjies. Hulle sien op na jou, sê Eckardt, rustig soos altyd. "Dit klink miskien lekker, maar weet jy, hulle pluk partykeer regtig aan my nerwe. Elke mens het 'n bietjie space nodig."*

- **Greg skep die indruk dat hy in beheer/hard is, maar dis duidelik dat sy broer se dood hom 'n emosionele knou gegee het wat diep letsels by hom gelaat het. Na Eckardt se verdwyning vrees hy dat Eckardt selfmoord gepleeg het. Dit is ook duidelik dat Greg sy pa verkwalik omdat hy hom nooit die geleentheid gegee het om aan sy hartseer en gevoelens van verlies uiting te gee nie. Hy sou graag wou huil en/of rou, maar hy mag nie. Hy rebelleer deur hom met mening in die kuberkrakery te werp; dit word 'n vorm van ontvlugting, maar dit verskaf aan Greg ook die adrenalieninspuiting wat hy dikwels saam met John ervaar het. Terwyl hy die kuberkrakery nie kan los nie, weet hy dat dit verkeerd en gevaarlik is**./Bv. bl. 66: *Ek het nie gehuil toe John dood is nie. "Jy sal nie!" het my pa beveel, sy hele houding afgetrokke asof dit iemand anders se kind was wat dood is. En nou, ... is dit die les wat wag om geleer te word? Hoe om mens te wees en die lewe aan te pak sonder 'n bulletproofbaadjie wat jou beskerm teen pyn en hartseer?*/Bl. 92: *Nes John in daardie eerste stormdae ná sy dood. Die dae van verskriklike woede.*
- **Greg voel wrewelrig teenoor die skoolopset wat hy verdink as 'n moontlike oorsaak van John se besluit om sy eie lewe te neem. Hy rebelleer daarom teen die skoolopset deur nie sy pligte as hoofseun na te kom nie, maar sy skuldgevoel omdat hy sy eie werk/pligte afskeep, dwing hom om te weier dat Kwanele dit doen. Greg se karaktereienskappe toon agteruitgang**./Bv. bl. 66*: Ek dink hy was op 'n manier my hero, maar ook my beste buddy. Ek sou enigiets vir hom doen*. *Maar John het niks van my gevra nie. Ek het gedink dit was omdat hy alles gehad het wat hy nodig het. Maar ek was verkeerd.*
- **Greg ervaar innerlike konflik oor sy broer se dood: John se dood skep 'n vrees vir die dood by Greg; hy is bang dat Nicole selfmoord sal pleeg. Greg doen dus alles in sy vermoë om te keer dat dieselfde lot die mense vir wie hy omgee, tref omdat hy nie weer deur daardie soort trauma wil gaan nie. Hy laat Nicole belowe dat sy niks onver-antwoordeliks sal aanvang nie en eis dat Lawson Kollege se bestuur Eckardt se verdwyning as prioriteit bo die skool se bedrywighede stel. Wanneer hy vir Eckardt in Clarens kry, besef hy dat hy 'n onnodige vrees vir selfdood/selfmoord begin koester het: hy is bloot mislei**./Bv. bl. 66: *En nou is daar die rumours. Eckardt het selfmoord gepleeg. Dit voel soos 'n goor fliek wat jy alreeds gesien het*./Bl. 159: *Nicole huil. Voor sy die foon dooddruk, laat ek haar belowe dat sy niks onverantwoordeliks gaan aanvang nie.*
- **Greg ontmoet Eckardt, 'n nuweling by die skool, die eerste dag van die nuwe jaar en uit die staanspoor is dit duidelik dat die nuweling moeilikheid soek. Tydens die inisiasie keer Greg, anders as wat 'n mens van hom sou verwag, dat Eckardt ingebreek word en soos die ander Trappers deur die tonnels gestuur word. Hy ervaar innerlike konflik en red Eckardt van die Tonnel-ritueel. Hy kom in uiterlike konflik met die ander prefekte, maar gee ondanks hul teenkanting steeds opdrag dat Eckardt uitgelos moet word. Hy rebelleer dus op dié manier nie net teen teen hulle nie, maar ook teen die skool oor wat met John gebeur het**. **Hy ontwikkel 'n blinde lojaliteit teenoor sy nuwe vriend, deels as gevolg van sy gemis aan John**./Bv. bl. 53: ... *'n nuweling. Hierdie ou soek moeilikheid .... die uitdrukking in sy oë. ... net soos John. "Nee! Los hom net!"*/Bl.63: *Ek sien die fronse op die ander ouens se gesigte maar ek gee nie om nie. Ek moes dit doen.*
- **Soos Greg en Eckardt se vriendskap al hegter word, laat hy toe dat Eckardt hom beïnvloed deur hom dieper in die wêreld van kuberkrakery in te sleep, hoewel hy weet dat hy met vuur speel. Dit pla hom dat hy die respek van die leerders verloor, dat die juniors hom selfs 'n "loser" noem, dat hy sy pligte afskeep. Dit pla hom dat hy toenemend vir sy pa lieg oor sy akademie. Hy weet hy is op 'n gevaarlike pad, maar volhard met sy opstand teen gesag: Greg word al roekeloser deur voort te gaan met die kuberkrakery en teen sy gewete in die skoolrëels te oortree deur 'n bier op die perseel te drink. Greg voel plek-plek skuldig**./Bv. bl. 102: *Sal jy vir my kerkdiensbeurt instaan? "Why?" "Daar is iets wat ek moet doen vanoggend." "What's up with you, Greg?"*/Bl. 85: "*Kom ouens, vinniger!" por ek hulle aan. "Loser," kap een sag*./Bl.161: "*Net nog 'n halfuur, TJ, asseblief. Nee, kom! Lyk my jy en daai laptop van jou is deesdae soos 'n Siamese tweeling."*/Bv. bl. 71: *Twee yskoue Castles. Ek weet ek is veronderstel om so iets te rapporteer, maar ek besluit: what the hell, 4x4's kan mos nie altyd veilig op die teerpad bly nie.*

- **Greg ervaar innerlike konflik oor sy vriendskap met Eckardt wanneer hy Eckardt tydens hul vakansie in die middel van die nag naby Nicole se kamer sien; hy dink dat Eckardt by Nicole in die kamer was. Greg is woedend. Hy konfronteer Eckardt en is gereed om handgemeen te raak wanneer hy die vermoede kry dat Eckardt tussen hom en Nicole probeer kom**. **Waar hy Eckardt eers vertrou het,/sy vriend genoem het, begin hy hom nou wantrou./Aanvanklik het hy wel vrae oor Nicole se lojaliteit nie, maar nou vra hy meer vrae oor Nicole se getrouheid**./Bv. bl. 148: *Hy het net 'n slaapbroek aan ... "Wat de hel dink jy doen jy?"/die woede in my kook.*/Bl. 149: *"Eckardt, ek is nie flippen blind nie. Ek sien hoe kyk sy vir jou."*/Bl. 149: *"As jy 'n probleem het, moet jy my sê, Greg. Dan kan ons dit uitsort. Hier en nou!"*
- **Greg ervaar innerlike konflik oor Eckardt ná sy verdwyning: omdat hy lojaal is teenoor Eckardt, is hy ontevrede omdat die skool Eckardt se verdwyning aanvanklik geheim wil hou. Hy wys sy innerlike stryd wanneer Dok Pienaar en die skool voortgaan met die sportdag. Hy doen iets wat hy nooit voorheen sou doen nie: hy kom openlik in verset teen Dok Pienaar – voor die res van sy spanmaats**./Bv. bl. 75: "*Alles dui daarop dat Eckardt Wilken bloot net weggeloop het sonder om vir enigiemand te vertel. Ons hou hierdie ding eers tussen ons. "Ek dink dis pateties!"*/Bl.75: *"Ek kan nie glo dat julle dit nog wil ontken nie, Dok."*/Bl. 76: *"Ek gaan jou nie dwing om te speel nie. Daar is ander ouens wat net so goed soos jy op vleuel speel."*/Bl. 76: *"Dok, dan loop ek nou!"*
- **Greg ervaar konflik toe hy besef dat nie een van die ander ouens saam met hom teen Dok Pienaar gestaan het nie. Hy begin sy eie leierskap bevraagteken deur te wonder of hy hoegenaamd 'n leier is as niemand hom ondersteun het toe hy teen Dok Pienaar opgestaan het nie. Sy oortuiging dat die skool nie regverdig opgetree het nie, lei daartoe dat Greg, ondanks die feit dat hy alleen staan, voortgaan om Dok Pienaar teen te staan. Kommer oor Eckardt en agterdog teenoor die skoolbestuur dryf hom om met mening na Eckardt te soek d.m.v. kuberkrakery**./Bv. bl. 76: *Is ek dan hulle leier?*/Bl. 76: *"If you think you're a leader but nobody is following you, you're merely going for a walk.*/Bl.77: *So dalk ís ek op 'n uitstappie. Wat gee ek om?*
- **Greg leer van die onderwêreld van kuberkrakery by Eckardt en sy selfvertroue neem toe soos hy uitdagings/G-4ce se opdragte baasraak. Hy besef egter teen die einde van die roman dat hy fouteer het deur by kuberkrakery betrokke te raak, want hy is deur Eckardt misbruik. Hy besef dat Dok Pienaar reg was toe hy gemeen het dat Eckardt weggeloop het**./Bv. bl. 193: *Ons hackinglesse gaan voort. Eckardt dril my nou behoorlik.*/Bl. 193: *Daardie tye wanneer ek deur 'n firewall breek, is awesome.*/Bl. 212: "*Dis reg ja. Die grootste social engineering attack ja wat jy in jou lewe sal teëkom. En jy was die victim."*
- **Greg se kommer oor Eckardt lei tot die besluit dat hy die waarheid sal uitvind: gevolglik werk hy onverpoosd daaraan om deur middel van die verkeerde, nl. kuberkrakery, na die waarheid te soek. Hy wéét dat sy aksies verkeerd en gevaarlik is, maar hou skelm vol daarmee. Dis ironies dat hy die verkeerde doen in sy soeke na die waarheid: hy kom agter dat Dok Pienaar met onderduimse bedrywighede besig is en besluit om die waarheid aan die lig te bring. Sy poging om Dok Pienaar te ontmasker, hou verband met sy opstand teen die skoolhoof as gevolg van Eckardt se verdwyning, nie omdat hy noodwendig ingestel is op die waarheid nie, want hy vertel leuens so ver as wat hy voortgaan met sy kuberkrakery**. **Hoewel hy weet dat hy verkeerd optree, troos hy sy gewete met die verskoning dat hy op soek is na die waarheid**./Bv. bl. 73: ... *Lawson Kollege wat die wedstryde ... teen Durban Boys High ... laat aangaan asof niks gebeur het nie. Is hulle só gesteld op die skool se image dat hulle een van die leerders se verdwyning gaan stilhou en vir die wêreld voorhou dat alles okei is?*/Bl. 76: *Dok, met alle respek, dit is die kollege se plig om iets ... te doen. Nou!*
- **Aan die begin van die skooljaar sê Greg vir Plank dat hy "bullet-proof" (bestand teen alles) is, maar later besef hy dat dit nie die geval is nie. Later, wanneer Greg ontdek dat hy deur Eckardt mislei is om sy eie pa se korrupsie te ontmasker, besef hy dat hy breekbaar en menslik is. Hy kom tot die insig dat hy tog omgee vir sy pa en wat van hom sal word**./Bv. bl. 225: *"Ek is toe nie so bullet-proof soos ek gedink het nie," sê hy sag.*

- **Greg kom in konflik met Eckardt wanneer hy teen die einde van die roman besef hoe Eckardt se wraak hom ingesuig het: Greg rand Eckardt aan toe hy uitvind hoe Eckardt hom bedrieg het. Hy besef ontnugterd dat Eckardt nie sy vriend was nie, maar hom mis-bruik het om sy pa en Dok Pienaar se misdade te ontbloot**./Bv. bl. 215: *En toe ek sien, is Eckardt op die grond. Met my vuiste wat hom tref. In die gesig. Bloed oor my hande.*/Bl. 212: "*Dis reg ja. Die grootste social engineering attack ja wat jy in jou lewe sal teëkom. En jy was die victim."*
- **Greg ontwikkel van die aanvanklike oënskynlike held tot werklike held wanneer hy die verkeerde dinge by gesagsinstellings soos die skool en sy ouerhuis aan die kaak stel. Hy besef dat hy in die proses sy pa se aandadigheid aan die korrupsie en verdwyning van die regter ontmasker het. Hy besef ook wat die gevolge vir Dok Pienaar en sy pa is, maar hy kom tot die insig dat hy dit nie kan of wil keer nie. Hy besef ook dat sy optrede vir hom bepaalde onaangename gevolge inhou**./Bv. bl. 222: *Ek kan dit nie keer nie.*
- **Aan die einde van die roman besef Greg dat al sy pogings om reg en geregtigheid met betrekking tot Eckardt te laat geskied eintlik meer probleme veroorsaak het. Hy besef op die lang duur dat hy 'n groot deel van sy matriekjaar gemors het; dat opstand teen gesag bepaalde gevolge inhou**./Bv. bl. 219: *Ek loop stadig terug gastehuis toe. Heeltemal gerattle*./Bl. 219: *Nou eers dink ek daaraan: hoe gaan Ma dit vat as sy uitvind wat ek gedoen het sonder dat ek dit weet.*
- **Uiteindelik kom Greg tot die besef dat geld vir hom en sy gesin 'n bevoorregte lewe kon verseker. Sy pa besit 'n mediamaatskappy, 'n woning in die rykmansbuurt, Sandhurst, 'n vakansiehuis in Jeffreysbaai en Greg gaan skool by Lawsonkollege, 'n skool vir super-rykes. Aan die einde van die roman besef hy, egter, ook dat dieselfde geld sy pa en hulle gesin vernietig het.**/Bv. bl. 222: *Geld is wat ons gesin gemaak het, en geld is wat dit vandag gaan uitmekaar skeur.*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. **[25]**

**VRAAG 13: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 13.1 | Pete Anderson/Die skool se adjunkhoof/'n Onderwyser doen navraag oor sy gereedheid vir die atletiekseisoen./vra of hy die vakansie geoefen het vir die 100m-wedloop./Greg sukkel met die swaar tasse. √ | 1 |
| 13.2 | Greg gee voor dat hy die skool se netwerkadministrateur is./lieg vir haar om in Dok Pienaar se kantoor te kom. √ | 1 |
| 13.3 | Sy weet dat hy baie druk van sy pa kry wat veroorsaak dat sy haar oor Greg bekommer./<br>Sy wil graag hê dat Greg se verhouding met sy pa moet verbeter./herstel./<br><br>Sy vrees dat Greg sal knak./(ook soos sy broer) selfmoord/-dood pleeg.<br><br>**OF**<br><br>Sy is bang dat hy selfmoord/-dood sal pleeg. √<br><br>Sy vrees dat sy haar ander kind ook gaan verloor. √ | 1<br><br>1 |
| 13.4 | Sy skelm/korrupte/vals kant./<br>Dat hy betrokke is by die regter se verdwyning./by die vervaardiging van 'n virus wat mense se dood kan veroorsaak. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.5 | Die druk van sy pa dat hy moet presteer./rigiede eise van sy pa./<br>Die beheptheid met geld wat aansien/sukses beteken./<br>John/sy broer se dood/afwesigheid/<br>Hy kan nie 'n uitdaging/adrenaliensport weerstaan nie. √√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 13.6 | Greg is die hoofseun/leerder van 'n eksklusiewe spogskool (wat deur geld moontlik gemaak word). √<br>Geld het vir die gesin status gebring. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>'n Oormaat geld het tot gierigheid/korrupsie gelei wat die gesin uitmekaar skeur wanneer sy pa se betrokkenheid by korrupsie/afpersery/misdaad op die lappe kom./<br>Verveling as gevolg van luukses/te veel geld/weelde veroorsaak dat Greg by kuberkrakery betrokke raak./<br>John se selfdood vind plaas as gevolg van Greg se pa se betrokkenheid by PlusUltra-Med se medikasie vanweë sy beheptheid met geld. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2<br><br>2 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.7 | Ja<br>Sy wend 'n desperate poging aan om haar liefde te demonstreer./haar seun van haar omgee te oortuig (uit vrees dat hy sal selfmoord pleeg)./<br>Sy weet dat Greg ander verpligtinge as hoofseun het waaraan hy kan aandag gee, terwyl sy sy goedjies uitpak./<br>Hy is 'n rykmanseun wat uit 'n gegoede huis kom waar alles oënskynlik vir hom gedoen word./waar hy nie nodig het om verantwoordelik te wees vir sy eie doen en late nie/ want geld koop dit vir hom.<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Hy is 'n gr. 12-leerder wat op sy eie bene behoort te staan./die voorbeeld in die koshuis behoort te wees./vir die eerste span rugby speel wat beteken dat hy nie opgepiep moet word nie./<br>Sy ma se oordrewe bewyse van omgee maak nie op vir die gebrek aan liefde wat hy van sy pa ervaar nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 13.8 | Hy het in opdrag van sy pa vir Dok Pienaar om verskoning gaan vra (oor sy weiering om rugby vir die skool te speel). √ | 1 |
| 13.9 | Eerstepersoonsverteller/Ek-verteller √<br><br>Die ek-verteller/Greg is direk by die gebeure betrokke./is daarom geloofwaardig./<br>Die leser ervaar die gebeure/Greg se ervarings/emosies vanuit sy oogpunt, wat dit baie effektief maak. √ | 1<br><br>1 |
| 13.10 | Hy voel verontmenslik./iets waarmee iemand spog./<br>Hy suggereer dis hoe sy pa na hom kyk./dis al wat vir sy pa belangrik is, nl. om met hom te spog./dat daar niks liefde betrokke is nie./<br>Dit plaas onnodige druk op Greg om te presteer./om John se skoene vol te staan. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>Nee<br>Sy betrokkenheid by kuberkrakery lei tot die ontmaskering van sy pa se betrokkenheid by misdaad./moord./Project Nursery Rhyme wat sy pa tronkstraf op die hals gaan haal./Vanweë sy eie kuberkrakery bring hy sy hoofseunskap in die verleentheid./stel hy sy ouers teleur./verneder hy die magtige rykmansgesin. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| 13.11 | Eckardt meen dis tyd dat Greg op sy eie bene staan. √<br>Hy wil Greg manipuleer om uiteindelik teen gesag in opstand te kom./sodat Greg die kuberkrakery/ontmaskering enduit kan uitvoer. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN** | 1<br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| | Ja<br>Hy ontmasker Dok Pienaar as die Butcher./<br>Dok Pienaar se bedrog in die geheime projek/Project Nursery Rhyme word openbaar./Dok Pienaar word in hegtenis geneem. √ | 1 |
| 13. 12 | Nee<br>(Hy is nie "oukei" nie), want Eckardt, sy "vriend", mislei hom deur hom te misbruik./<br>Hy is ontsteld oor die ontdekking dat sy pa by misdaad./Project Nursery Rhyme se bedrog betrokke is./<br>Hy is geskok oor die invloed van geld./<br>Hy voel skuldig omdat sy soeke na Eckardt tot sy pa se ontmaskering gelei het./<br>Hy is ontsteld/bekommerd oor sy ma se ontnugtering./seerkry./<br>Hy is ontsteld/woedend/hartseer oor sy pa wat hy met die vuiste wil slaan soos vir Eckardt./<br>Hy voel hy wil huil soos sy pa huil./Hy is naar van ontsteltenis toe hy besef John is dood as gevolg van pille wat van PlusUltraMed gekom het.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Hy behou kalmte van gees om nie sy pa te slaan soos hy vir Eckardt geslaan het nie./<br>Hy trek die waarheid uit sy pa sodat hulle almal kan vrykom./<br>Hy gee sy ma opdrag om na sy pa om te sien./<br>Hy vra sy ma verskoning dat sy op so 'n manier bewus moet word van die waarheid./<br>Hy besluit om die polisie in te lig oor Ekk-0./Hy aanvaar verantwoordelikheid vir sy dade./besluit dis tyd vir "grootword"./<br>Hy kry insig in die negatiewe invloed/mag van geld./<br>Hy besef dat sy eie aandeel aan die kuberkrakery hom/sy gesin baie skade berokken het./<br>Hy kan maklik met sy gewete saamleef in die wete dat sy optrede menselewens red./ misdaad aan die kaak stel./<br>Hy gaan nie selfmoord pleeg nie.√√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| | | **[25]** |
| | **TOTAAL AFDELING B:** | **25** |

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

### VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Op skool is die lewe vir Johnnie nie noodwendig sleg nie: hy is 'n onskuldige skoolkind toe hy in Elsiesrivier kies om 'n verhouding met Blanchie, een van die inwoners op die Kaapse Vlakte wat saam met hom skoolgaan, te begin**./Bv. bl. 13*: In 'n terugflits, Map en Blanchie as tienderjarige seun en dogter, nog op skool*./Bl. 15: *(lag sinies) Johnnie ... Klink mooi, Johnnie ...*
- **Nadat Johnnie, as bruin jongman in die Apartheidsera, matriek geslaag het, sukkel hy om 'n ordentlike werk te kry; wat hom gefrustreerd en desperaat maak. Hy is nie vry om te kies wat hy met sy lewe wil doen nie. Hy kán 'n bode word, maar kies om nié so 'n minderwaardige werk te verrig nie**./Bv. bl. 31: *MAP*: *Ek het matriek gemaak, standerd tien. Ek wiet Ma het baie gehoop op my. Maar well, daar was nie geld vir verder leer nie, en toe ek 'n job soek, 'n goeie werk, well, 'it was alles vir whites only ...*
- **Op die Kaapse Vlakte waar hy woon en leef, is die enigste sinvolle afleiding waarby Johnnie betrokke kan raak, orkeste**. **Johnnie kies binne sy omstandighede om as saksofoonspeler 'n leiersrol in Oompie Paulsen se orkes te vervul**./Bv. bl. 37: *Boeta het gesê ek moet seker maak of ek mister Jacobs se measurements ook moet niem* ...
- **As gevolg van Johnnie se uitsiglose bestaan op die Kaapse Vlakte – sonder geld/werk/ hoop op 'n verbeterde toekoms, sonder geleenthede – het hy nie die keuse om sy eie posisie te verbeter nie**./Bv. bl. 31: *MAP*: *Ek het matriek gemaak, standerd tien. Ek wiet ma het baie gehoop op my. Maar well, daar was nie geld vir verder leer nie, en toe ek 'n job soek, 'n goeie werk, well, 'it was alles vir whites only ...*
- **Op die Kaapse Vlakte, sonder werk en sonder 'n identiteit, kies Johnnie om 'n lid van 'n bende te word omdat hy na identiteit soek**./Bv. bl. 31: *MAP*: *Kan jy sien die tattoos, al die merke? ... 'it was 'n terrible gesoek seker, vir 'n identity ... 'is verskriklike merke dié, maar dis nog altyd deel van my kaart, 'it wys waar ek gewies het ...*/Bv. bl. 24: *Ek wil oek iets gewies het ... jy't tog ge-verstaan ...*/Bl. 31: *MAP*: *... toe het ek deurmekaar geraak moet ... moet die elemente ... Maar ek was die leader ...*
- **Die bende se erkenning van sy identiteit/leierskap is goed vir Johnnie se ego. Die bende manipuleer hom sodat hy instem tot vroue se verkragting. Hy kies binne sy bepaalde omstandighede dus (saam met die ander bendelede) geweld en misdaad**./Bv. bl. 31: *MAP*: *... toe het ek deurmekaar geraak moet ... moet die elemente ... Maar ek was die leader ... Ek was altyd die leader ...*/Bl. 33: *MAP*: *Ek is 'ie leader, verstaan! Okay, sê ek, moet net 'ie lat die vrouens skrie nie! ...Toe vat hulle die vrouens ... Sy skrie ... En toe wiet ek, 'cause 'it was onse manier, toe wiet ek hy wurg die vrou ...*

- **Die veranderde naam wat Johnnie kry, is 'n aanduiding van die negatiewe omstandighede wat hy self kies. Hy kies om hom te laat tatoeëer, waarna hy soos 'n padkaart lyk – gevolglik word hy "Map"**./Bv. Bl. 31: *Van al die merke, al die tattoos, call hulle toe vir my Map Jacobs.*
- **Map, die bendeleier, se omstandighede verander, want as leier het hy bepaalde mag. Dit gee aan hom 'n bepaalde identiteit wat veroorsaak dat hy, as leier, keuses maak wat ingrypend negatief op sy lewe inwerk. Hy is aandadig aan die verkragting van sy ma en suster en die moord op sy suster**./Bv. bl. 33: *MAP*: *Ek is 'ie leader, verstaan! Okay, sê ek, moet net 'ie lat die vrouens skrie nie! ...Toe vat hulle die vrouens ... Sy skrie ... En toe wiet ek, 'cause 'it was onse manier, toe wiet ek hy wurg die vrou ... lat sy stil moet bly ...*/Bl. 34: *MAP*: *... Ek het geskrie en geskrie! 'it was te laat ... 'is my suster, is Klein-Meisie ... Toe tel een van hulle oek vi' Ma, vi' Grootmeisie Jacobs ... van 'ie grond af op ...*
- **Map se omstandighede word slegter wanneer hy verantwoordelikheid vir sy dade aanvaar en kies om hom aan die polisie oor te gee na die moord op Ivan Philander**. **Juis binne sulke slegte/negatiewe omstandighede kies hy om verantwoordelikheid te aanvaar en om hom, daarom, self oor te gee**./Bv. bl. 35: *MAP*: *Toe's ek polisiesstasie toe, na die sergeant op nightduty ... Ek het vir Ivan Philander doodgestiek, nou net. Toe hou ek my hande yt, vi*' die boeie ... *Ek het myself op-gegie. Ek het getry om 'it ... soes 'n man te vat ...*
- **Sy omstandighede verander nogeens: dit versleg nóg meer wanneer hy, die bendeleier, as moordenaar tronk toe gestuur word. Hoewel hy nie 'n keuse het oor die tronkstraf nie, kies hy om verantwoordelikheid te aanvaar vir sy dade. Gevolglik dien hy sy straf op 'n positiewe manier uit**./Bv. bl. 34: *MAP*: *... die next oomblik was ek op hom, ek het daai oomblik nie gewiet eers wie wás 'it nie. Ek swaai hom net van haar af, en ek stiek hom met die mes ... En toe sien ek oek 'it was Ivan Philander wat ek doodgestiek het* .../Bl. 35: *Toe's ek poliesstasie toe, na die sergeant op nightduty ...*/Bl. 35: *Ek het twaalf jaar gekry.*
- **As tronkvoël ervaar Map die verwerping en belediging van die gemeenskap, want hy word skuldig bevind aan moord en gaan tronk toe. Uiteindelik verander Map sodanig/ ontwikkel sy karakter so dat hy ten gunste van 'n beter toekoms/'n veranderde menswees kies: hy erken self, na sy bekering, dat hy 'n lewe vol gemors agterlaat en 'n veranderde mens is. Hy kyk met ander oë na sy omstandighede, sy verlede en sy toekoms**./Bv. bl. 23: *CAVERNELIS*: *... Hy's 'n ... 'n misdadiger ...*/Bl. 7: *RICHIE*: *... hy't 'n oeg op haar gehad, voordat hy in is, die vark!* Bv. bl. 11: *MAP*: ... *Sê vir hom ek wás rubbish, Ma, maar ek is annerste!*
- **In die afgesonderde omstandighede van die tronk verander Map se keuses ten goede omdat hy besef dat hy vir sy ma se toestand en sy suster se dood verantwoordelik is. Skuldgevoelens maak van hom 'n gevangene wat kies om voorbeeldig te wees en die regte dinge te doen**./Bv. bl. 9: *Sy sê parole is nou due vir my, ek kom yt op die sewende wat nou kom, annermaand ...*/Bl. 9: *Ek is 'n ge-change-de man ... ek het die Here Jesus gevind hierso, regtig, ek sal nie lieg nie ...*
- **Wanneer hy in die negatiewe omstandighede van die tronk tot bekering kom, kies hy om verantwoordelikheid vir sy dade te aanvaar; kies hy ook om voor God, Apostel George en sy ma sy skuld te bely en om vergifnis te smeek**./Bv. bl. 33: *MAP*: *O God, vergewe my! ... APOSTEL GEORGE*: *Die Here vergewe ...*/Bl. 32: *APOSTEL GEORGE: ... jy's nou gered, broer Jacobs ...*
- **In die tronk, waar hy alleen is, en steeds lid van bendes is, ervaar Map intense skuldgevoelens en toon berou oor sy dade en kies om 'n verandering in sy lewe te maak**./Bv. bl. 31: *MAP: So hierso acknowledge ek nou, my Here ... In die teenwoordigheid van my ma en Apostel George ... jy moet die guts hê, en alles sê voor God!*/Bl. 46: ... *ek het 'n regte vark geword, maar nou, ek het weer ge-change, ek het weer 'n mens geword ...*
- **Na Johnnie se vrylating ervaar hy dieselfde troostelose omstandighede op die Kaapse Vlakte. Hy kry steeds nie werk nie, want nou het hy ook 'n reputasie as tronkvoël. Desnieteenstaande kies hy om nie kwaad te word nie, maar eerder rustig te wag tot 'n geleentheid opduik**./Bv. bl. 44: *Almal hier, almal in hierdie strate, in hierdie huise, almal ... (Lag.) En die employers, o, almal die employers ... Hulle almal is so sympathetic ... But ... (sê dit baie hard) but, but, but ...*/

Bl. 45: *(Lag) Ma! Dan wil ek skree en ek wil sê, Well, nee, except vir my tattoos nie ... maar dan bly ek stil* .../Bl. 46: *Die band nét so, Oompie Paulsen-hulle ... even húlle, net so, dieselfde ... Map Jacobs, obviously, sal die band nou 'n naam gee ...*

- **Sy omstandighede word steeds slegter wanneer lede van die gemeenskap hom inlig oor Blanchie se doen en late; hoewel die nuus Map intens ontstel, kies hy om nie kwaad met kwaad te vergeld nie**./Bl. 46: *Ek mind nie wat Blanchie gedoen het meanwhile nie ... Here Jesus, wie is ekke om te mind! ... ek het 'n regte vark geword, maar nou, ek het weer gechange, ek het weer 'n mens geword ...*
- **Hoewel Johnnie se omstandighede slegter blyk te wees as voor sy bendedae/tronkjare, toon hy aan die einde insig as hy kies om teenoor Blanchie sy "vuil" en "sleg" te bely en hulle herenig word nadat hy kies om haar te vergewe in die lig van sy eie oortredings./rekord**./Bv. bl. 60: *MAP*: *... Ek het vir jou ... alles ge-vertel ... Blanchie ... Hulle hou mekaar styf vas. Soen mekaar hartstogtelik.*/Bl. 60: *MAP*: *Dit ... moet nou so ... gebeur ... Blanchie ... Dit moet nou ... so gebeur ...*/Bv. bl. 11: *MAP*: ... *Sê vir hom ek wás rubbish, Ma, maar ek is annerste!*
- **Johnnie se omstandighede verander wanneer Map, die leier van bendes, kies om weer Johnnie te word met die moontlikheid/suggestie om 'n leier in die gemeenskap/as die saksofoonspeler te word**./Bv. bl. 62: *... en óns hoor – die saxofoon, soos hy dit gespeel het, voorheen ... Dan, terwyl hy Blanchie vashou, kniel Map – hy val half – voor Antie Grootmeisie neer. ANTIE GROOTMEISIE: ... Johnnie ...*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. **[25]**

**OF**

**VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 15.1 | Cavernelis doen twee werke./werk by die poloniefabriek, maar verkoop saans ook soft goods. √<br>Blanchie werk as model/prostituut om ekstra geld te maak. √ | 2 |
| 15.2 | Op die Kaapse Vlakte woon die mense in armoede./is die mense werkloos./is hulle uitsigloos sonder hoop op 'n beter lewe. √<br>Die Groepsgebiedewetgewing/Apartheidsbeleid van die regering/Gedwonge verskuiwings a.g.v. die Groepsgebiedewet √<br><br>Dit gee die belangrike agtergrond/maak die leser/kyker bewus van die omstandighede/milieu waarteen die karakters optree./regverdiging vir Cavernelis se strewe om na 'n ander woonbuurt te verhuis./verklaar La Guma se bitterheid. √ | 2<br><br><br><br>1 |
| 15.3 | La Guma praat net, terwyl Cavernelis baie hard werk./probeer om sy omstandighede beter te maak./<br>La Guma glo nie dat bevryding uit hierdie "tronk" moontlik is nie, terwyl Cavernelis twee werke verrig om die ontsnapping moontlik te maak. √<br><br>*Die kandidaat bied beide kante van die verskil vir EEN punt aan.*<br><br>Hoewel La Guma baie fiks is, kan hy nie van hierdie "tronk" ontsnap/weghardloop nie./<br>Hoewel Cavernelis selfdood pleeg, kom hy nie regtig vry van die Kaapse Vlakte nie./<br>Hoewel La Guma vreeslik baie oor die verbetering van hulle omstandighede praat, doen hy self niks om sy situasie te verbeter nie./<br>Hoewel Cavernelis baie hard werk, verbeter sy omstandighede nie./kom hy nooit verder as waar hy/sy gesin is nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat bied beide kante van die ironie vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br>2 |
| 15.4 | Die toneelaanwysings (reël 10) gee belangrike inligting oor die manier waarop die karakter/La Guma moet praat./<br>La Guma se weersin in die burokrasie word so beklemtoon./aan die leser/gehoor oorgedra. √<br><br>Die toneelaanwysings (reël 12 en 13) help die karakter/La Guma sodat hy weet watter bewegings/aksies/handelinge hy op die verhoog moet uitvoer./Dit relativeer sy woorde./<br>Die toneelaanwysings wil die leser/gehoor se aandag op die karige/onaanvaarbare behuising op die Kaapse Vlakte vestig. √ | 1<br><br>1 |
| 15.5 | Ja<br>Die onregverdige benadeling van mense bloot op grond van hul velkleur/Apartheid word in die teks uitgelig./<br>Die beskrywing van die omstandighede/vasgevangendheid/swaarkry/onregverdige behandeling wat die mense op die Kaapse Vlakte ervaar, word in die teks uitgelig.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>La Guma doen niks om 'n beter leefwyse te bewerkstellig nie daarom mag hy nie bitter wees nie./<br>Sy lewe kan nie so vreeslik sleg wees as hy die heeldag kan oefen of gesels nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke motivering vir EEN punt aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.6 | Mense beleef uitsigloosheid as gevolg van omstandighede./hulle omstandighede dikwels as 'n tronkbestaan./ervaar dikwels geen uitsig/hoop/vryheid binne bepaalde omstandighede nie. √<br><br>Map Jacobs kry ná sy matriekeksamen nie werk nie wat hom vasvang in werkloosheid/armoede/uitsigloosheid sonder hoop dat die situasie sal verander. √<br>Map beland in die tronk waaruit hy (vir minstens 7 jaar) nie kan losbreek nie. √<br>Na sy tronkjare kry hy steeds nie werk nie a.g.v. sy reputasie, wat beteken dat hy steeds vasgevang is. √<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>3 |
| 15.7 | Blanchie kry nie die modelkontrak (oorsee) nie. √ | 1 |
| 15.8 | Ja<br>Hy wil graag 'n verhouding met Blanchie aanknoop, maar hy is bang vir Map./<br>Die feit dat hy oor Map as bedreiging praat (eerder as om kerrim te speel), is 'n aanduiding daarvan dat hy eintlik bekommerd/gespanne is oor Blanchie, terwyl hy weet dat hy nie oor haar mag praat nie./<br>Hy het heimlik 'n ogie op Blanchie, maar Map se vrylating uit die tronk benadeel sy kanse om by haar aan te lê./te kuier daarom praat hy oor haar en Map. √<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.*<br>*Die kandidaat bied albei kante van die konflik vir EEN punt aan*. | 1 |
| 15.9 | Hy laat Cyril en Tommy onvolledige sinne/baie ellipse gebruik wat afwagting skep./<br>Cyril se verwysing na Map in negatiewe taal laat die spanning toeneem./suggereer moeilikheid wat bydra tot spanning./<br>Die kyker/leser wonder wat die afloop gaan wees wanneer Map en Blanchie saam op die toneel verskyn wat die spanning verhoog./<br>Die leser/kyker verwag dat Blanchie se emosionele uitbarsting/baie uitroepe op die verhoog Map sal ontstel/kwaad maak wat die spanning verhoog./<br>Die uiterlike konflik tussen Map en Blanchie verhoog die spanning./<br>Die verwysing na Cavernelis se toestand dra tot spanning by. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan*.<br><br>Ja<br>Hierdie teks is deel van die laaste toneel waar die drama/spanning 'n hoogtepunt/ klimaks bereik./Spanning is essensieel in die hoogtepunt/klimaks van die drama. √ | 2<br><br>1 |
| 15.10 | Cyril assosieer Map steeds met die bendebedrywighede/wrede dade/misdaad van sy vroeëre leefwyse./<br>Cyril is bang dat Map iets leliks sal doen wanneer hy van Blanchie (en die wit mans/se aborsie) uitvind. √<br><br>Map word in die tronk bekeer./bely sy skuld./ontvang vergifnis a.g.v. sy bekering. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan*. | 1<br><br>1 |
| 15.11 | Sy besef hoe skuldig sy is/hoe sleg sy is omdat sy toegelaat het dat wit mans haar gebruik./om 'n aborsie te ondergaan. √ | 1 |
| 15.12 | Nee<br>Hy pleeg selfdood toe hy besef dat hy skuldig is aan Blanchie se teleurstelling./dat hy haar vir sy eie selfsugtige drome gebruik het./toe hy besef dat geld nooit hulle vryheid sal kan koop nie. √<br>Maud en Blanchie bly in groter ellende agter omdat die broodwinner dood is. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | | **[25]** |

***MIS* – Reza de Wet**

**VRAAG 16: *MIS* – Reza de Wet – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Meisie se omstandighede beïnvloed haar vryheid, want tydens die Groot Depressie het haar pa en ma uitgeboer. Gevolglik voer Meisie 'n ingeperkte bestaan op 'n armoedige stukkie grond in 'n ewe armoedige huis. In dié omstandighede ervaar sy geen vryheid nie**./Bv. bl. 31: *Van na die Depressie af. Dit was vir my arme man te veel. (Sug) 'n Tiekie vir 'n skaap.*/Bv. bl. 48: *Ek moet vroeg op. Die besending mis word sewe-uur gelaai.*/Bl. 6: *Ja, ons doen goed die maand.*/Bl. 22: *Haar man. Sewe jaar gelede het hy mos opgegaan. Ja, net na die Depressie.*
- **Meisie-hulle is baie arm wat daartoe lei dat sy moet hard werk./haar ma daagliks met werk en skoonmaak moet help. Hulle finansiële nood dwing hulle om, in plaas daarvan om vry te wees, daagliks sakke te maak en dit met mis te vul om dit te kan verkoop**./Bv. bl. 6: *Meisie, jy moet dit slyp. Meestal beesmis. So dertig perdemis en tien vark. Ja, ons doen goed die maand.*/Bl. 49: *Ek draai maar die lampe se pitte af, Konstabel. Alles kos geld ...*
- **Meisie word sonder 'n pa groot, wat haar omstandighede kompliseer. Sy leef reeds vir sewe jaar sonder haar pa, Gabriël, wat weens die Depressie/verlies van sy plaas hom aan mense onttrek het./op die solder van die huis wegkruip. Dit het 'n invloed op haar vryheid, want sy werk daagliks om die pa op die solder te bedien, met die gevolg dat sy nie kan maak wat sy wil nie**./Bv. bl. 22: *Haar man. Sewe jaar gelede het hy mos opgegaan. Ja, net na die Depressie.*/Bl. 22: *Sy moet hom hand en mond bedien maar hy sê geen dooie woord nie.*
- **Meisie se omstandighede word beïnvloed deur die versorging van haar pa/die werk wat sy daagliks moet doen asook die permanente armoede. Sy vertel vir Konstabel van haar daaglikse stryd om die huis/vensters skoon te hou, van haar een rok wat deurgewas is, en die onophoudelike werk/sakke vol mis stop wat veroorsaak dat sy nie vryheid het om normale jongmensbelangstellings te volg/geniet nie. Meisie is in werklikheid 'n soort gevangene in haar eie huis, want sy kan nooit uitgaan/gaan kuier nie**./Bv. bl. 26: *En dis hoekom ... niemand wil kom kuier nie ... Laas jaar het Danie Venter kom kuier ... maar toe draai die wind ...*/Bv. bl. 38: *Gaan maak dit tog leeg, my kind.*
- **Die omstandighede wat hulle bestaan kenmerk, word verder benadeel deur die mis wat sy en Miem verkoop in 'n poging om te oorleef. Die misreuk wat om die huis hang, veroorsaak dat Meisie 'n afgesonderde/eensame lewe voer, sy het nie die vryheid om iemand huis toe te nooi nie, want niemand wíl by hulle, waar dit so sleg ruik, kuier nie.**/Bv. bl. 12: *Vat die sakke wat klaar is en stapel hulle op die sakke wat buite lê.*/Bl. 26: *Daar's baie mis op die werf. Groot hope mis ... Maar dit stink!*/Bl. 26: *En dis hoekom ... niemand wil kom kuier nie ... Laas jaar het Danie Venter kom kuier ...*
- **Meisie se ma, Miem, is bepalend vir die omstandighede waarin Meisie leef, want Miem is 'n outoritêre, baasspelerige vrou wat in doodgewone goed (soos bv. die sirkus) gevaar/boosheid sien./wat Meisie tot gehoorsaamheid manipuleer met allerhande kwale/gesondheidsdreigemente. Dit ontneem Meisie alle vryheid**./Bv. bl. 7: *Destyds het jou ongehoorsaamheid my diep gegrief. Jy onthou seker hoe siek ek was.*/Bl. 28: *Nee! Ek mag nie daaroor praat nie. Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink, is om te doen.*

- **Meisie ervaar geen individualiteit/menswaardigheid in haar huis nie – sy moet doen en dink soos haar ma van haar verwag; dis omstandighede wat haar degradeer tot iemand wat geen vryheid het nie. Sy word selfs nie eers op haar naam aangespreek nie./Sy word gedwing om toe te laat dat Konstabel aan haar gesig vat**./Bv. bl. 27: *Maar dis nie my regte naam nie.*/Bl. 27: *En wat is dit? Jou regte naam?*/Bl. 28: *Ek het nog 'n naam.*
- **Meisie se afgesonderde bestaan saam met haar veeleisende/manipulerende ma en afwesige pa werk negatief op haar vryheid in – dit blyk uit die dade wat sy verrig om haar verset/opstand teen die ingeperkte bestaan te demonstreer**./Bv. bl. 7: *Ek kyk net na die liggies.*/Bl. 13: *Ek hoop jy onthou dit ook. So mooi en welgeskape maar altyd met 'n lang gesig.*/Bl. 29: *Ek lê in die donker en luister na die musiek ... Die musiek word harder en harder. Ek klim deur die venster, spring af tussen die rose, gaan deur die tuinhekkie en hardloop na die skougronde.*
- **Die teenwoordigheid van die sirkus ontneem Meisie ook van enige mate van vryheid: Miem sien in die sirkus alles wat boos en negatief is; sy noem dit 'n euwel. Hierdie konserwatiewe siening van haar ma beperk Meisie se vryheid: sy mag nie die sirkus bywoon/besoek nie. Dis so erg dat sy nie eers na die sirkusliggies mag kyk of na die musiek mag luister nie**./Bv. bl. 28: *Nee! Ek mag nie daaroor praat nie*./Bl. 28: *Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink, is om te doen.*
- **'n Negatiewe omstandigheid wat Meisie se vryheid verder inperk, is dat dit die laaste aand van Augustus 1936 is. Dis op die afgeleë plek waar hulle woon, 'n gevaarlike datum omdat daar telkens 'n jong meisie in die voorafgaande twee jaar op daardie datum verdwyn het. Die gevolg is dat die luike en vensters toegspyker is terwyl die huis se deure gesluit is. Dis duidelik dat Meisie geen vryheid het/geniet nie**./Bv. bl. 6: *Ja-nee. Vannag moet 'n mens jou ore oophou. En jou oë. Die gevaar is oral.*
- **Meisie se gebiedende, dominerende ma asook die permanente werk sonder enige vryheid veroorsaak dat Meisie vreemde goed doen om haar behoefte aan vryheid te demonstreer, want sy loop selfs een nag weg sirkus toe wat bewys dat sy begeer om soos 'n gewone mens opwinding en avontuur te beleef**./Bv. bl. 7: *Ek kyk net na die liggies.*/Bl. 13: *Ek hoop jy onthou dit ook. So mooi en welgeskape maar altyd met 'n lang gesig.*/Bl. 29: *Ek lê in die donker en luister na die musiek ... Die musiek word harder en harder. Ek klim deur die venster, spring af tussen die rose, gaan deur die tuinhekkie en hardloop na die skougronde.*
- **As gevolg van Meisie se gevangendheid/ingeperktheid binne-in 'n situasie wat nie gaan verander nie, demonstreer sy haar subtiele verset/opstand in 'n desperate poging om 'n bietjie vryheid te bekom: sy weier om 'n vingerhoed vir die werkery te gebruik./Sy plant roosbome voor haar vensters in 'n poging om die misreuk teen te werk**./Bv. bl. 4: *Ja, jy wil mos nie 'n vingerhoed gebruik nie*./Bl. 26: *Ek ... het roosbome voor my venster geplant.*
- **Miem se oortuiging dat Gabriël van die solder sal afklim wanneer Meisie trou, veroorsaak dat sy Meisie saam met Konstabel buitentoe stuur, wat vir Meisie die geleentheid gee om saam met Konstabel planne te beraam om weg te loop. Gevolglik kry Meisie en Konstabel geleentheid om saam te sweer en só Meisie se vryheid te verseker**./Bv. bl. 38: *Gaan maak dit tog leeg, my kind. En spoel dit goed uit. KONSTABEL: Laat ek help.*
- **Konstabel se aandrang dat Meisie hom van die sirkus vertel, kompliseer Meisie se situasie juis omdat sy nie daaroor mag praat nie, hoewel sy na die sirkus smag. Sy besef dit word 'n keuse tussen haar ma se voorskrifte en ongehoorsaamheid. Wanneer hy haar toelaat om oor die sirkus te praat, word die belofte van avontuur saam met Konstabel vir haar 'n uitnodiging om vry te kom van die permanente werk en negatiewe omstandighede**./Bv. bl. 28: *Nee! Ek mag nie daaroor praat nie.*/Bl. 51: *Haar dans word uitbundiger*./Bl. 51: *Die KONSTABEL maak die gaasdeur oop en sit 'n klip daarvoor. Sy dans na die agterdeur ...*
- **Meisie se hunkering na vryheid blyk duidelik uit haar rituele, betowerde dans**, want Konstabel skep vir haar die die geleentheid om weg te breek van haar sieldodende ingeperkt-

- heid en sodoende vry te word./Bv. bl. 50: *Die KONSTABEL trek die baadjie stadig en met groot behae aan./Bl. 51: Sy dans na die agterdeur. Voordat sy oor die drumpel dans, staan sy stil en kyk om na die KONSTABEL.*
- **Meisie breek in die slot van haar onaangename, armoedige omstandighede los**, want sy dans uitbundig oor die drumpel as bewys dat sy saam met die Konstabel wegbreek na sg. "vryheid" toe./Bv. bl. 51: *Die KONSTABEL maak die gaasdeur oop en sit 'n klip daarvoor. Sy dans na die agterdeur. Voordat sy oor die drumpel dans, staan sy stil en kyk om na die KONSTABEL.*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. **[25]**

**VRAAG 17: *MIS* – Reza de Wet – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 17.1 | Meisie-hulle is baie arm as gevolg van die Groot Depressie./die feit dat haar pa uitgeboer het./<br>Die mense/Meisie, Miem en Gertie is uitgelewer aan bygeloof/onkunde/oordrewe vrees vir die bose./vreemde/nuwerwetse goed soos die sirkus./<br>Mense bly ver van mekaar op afgeleë plekke. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 17.2 | Meisie het behoefte aan nog vleitaal./wil graag hê die konstabel moet haar weer vlei./langer met haar gesels oor haar name./hou van die nuwe identiteit wat Konstabel vir haar gee./geniet Konstabel se teenwoordigheid./aandag. √ | 1 |
| 17.3 | Hy wil Meisie manipuleer/beïnvloed om hom te vertrou./in hom 'n vriend te sien./saam met hom weg te gaan.√<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>Ja<br>Sy begin om in sy teenwoordigheid te ontspan./uitdrukking aan haar emosies te gee./lag vir die eerste keer./kom gelukkig voor. √<br>Sy doen verbode goed./kyk tussen die gordyne deur./na die sirkusliggies. √<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br>2 |
| 17.4 | Meisie is steeds onder die indruk dat Konstabel blind is/nie regtig weet waar sy is nie, terwyl die gehoor weet dat hy kan sien. √<br><br>*Die kandidaat bied albei kante vir EEN punt aan.* | 1 |
| 17.5 | Ja<br>Sy is verbied om na die sirkusliggies te kyk. √<br>Sy weet dat haar ma buitengewoon siek word wanneer sy ongehoorsaam is. √<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.* | 2 |
| 17.6 | Meisie ervaar nie (persoonlike) vryheid om haar eie keuses te maak nie./is vasgevang in 'n rigiede/ingeperkte bestaan waarin sy geen vryheid het nie. √<br><br>Miem vra Gertie oor die sirkusfratse uit. √ | 1<br><br>1 |
| 17.7 | Hy is 'n leuenaar./bedrieër./manipuleerder./listig./geslepe./slu. √ | 1 |
| 17.8 | Sy het een nag (skelm) weggeloop na die sirkus toe. √<br>Sy praat met Konstabel oor die sirkus hoewel sy weet dat dit verbode is./sy self sê dat sy dit nie mag doen nie. √<br><br>Sy plant rose voor haar kamervenster./<br>Sy weier om 'n vingerhoed te dra. √ | 1<br>1<br><br>1 |
| 17.9 | 31 Augustus 1936/Die laaste dag van Augustus 1936 √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 17.10 | Sy dink sy kan Konstabel vertrou./dat Konstabel 'n polisieman is wat hulle wil/sal beskerm./<br>Sy is nie ingestel op fyn suggesties/klein goedjies nie./sê self dat sy nie baie goed sien nie./mis die gevaar wat Konstabel vir hulle inhou./<br>Sy is oortuig dat Meisie nie die huis sal verlaat nie./sy haar tot gehoorsaamheid gemanipuleer het./<br>Meisie het beloof om dit nie weer te doen nie. √<br><br>**EN**<br><br>Sy besef nie die belangrikheid van die voorgevoel nie/sien nie die waarde van die voorgevoel raak nie, soos sy dikwels in die verlede belangrike goed gemis het./nie raakgesien het nie./verkeerd gekyk/interpreteer het wat by die titel, MIS, aansluit. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.*<br>*Die antwoord moet albei dele, nl. Miem asook die titel, vir EEN punt betrek.* | 1<br><br>1 |
| 17.11 | Ja<br>In die donker is dit baie moontlik om weg te raak./te verdwyn wat beslis die spanning verhoog./<br>Die donkerte suggereer onheil./gevaar wat op die laaste aand in Augustus beslis die spanning sal laat toeneem./<br>So 'n skielike donkerte op die verhoog skep afwagting wat bydra tot vermeerderde/ verhoogde spanning. √√<br><br>Ja<br>Hierdie teks is aan die einde van die verwikkeling/die begin van die hoogte-punt/klimaks in die drama waar spanning baie toeneem./'n hoogtepunt bereik. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE vir 'n antwoord aanbied nie.* | 2<br><br>1 |
| 17.12 | In TEKS K lok hy Meisie uit om die verbode ding te doen, nl. om oor die sirkus te praat./Hy herinner haar met sy vraag aan die avontuur/eksotiese/opwinding/vryheid buite die huis. √<br><br>TEKS L:<br>Hy maak die agterdeur oop, want hy weet hy kan haar met die sirkusmusiek na buite lok./weet dat sy baie van die sirkusmusiek hou wat sy kan hoor wanneer die deur oop is. Dit sluit aan by sy planne om haar uit die huis weg te voer./Deur die agterdeur oop te maak, nooi hy haar uit om vry te wees. √<br><br>Daar is nie 'n man in die huis wat Meisie kan beskerm nie./<br>Meisie is ontevrede/ongelukkig omdat haar ma haar so inperk./<br>Hulle woon baie afgeleë./<br>Sy beskou Konstabel reeds as iemand wat sy kan vertrou./haar vriend. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>1<br><br>2 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

**AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | 5–6 | 4 | 3 | 2 | 0–1 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>6 PUNTE | Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en gedig | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en gedig duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp.<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en gedig | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp<br>-Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie<br>-Onvoldoende begrip van genre en gedig | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Geen verwysing na die gedig nie<br>-Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL | 4 | 3 | 2 | 1 | 0–1 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>4 PUNTE | -Samehangende struktuur<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek<br>-Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | -Duidelike struktuur en logiese vloei van argument<br>-Vloei van argumente kan gevolg word<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel<br>-Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie | -Struktuur swak<br>-Ernstige taalfoute<br>-Foutiewe styl |

Kopiereg voorbehou 

**AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | 12–15 | 9–11 | 6–8 | 4–5 | 0–3 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>15 PUNTE | -Uitsonderlike respons: 14–15<br>Uitstekende respons: 12–13<br>-Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en teks | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en teks duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en teks | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br>-Min punte wat die onderwerp ondersteun<br>-Baie min relevante argumente<br>-Weinig begrip van genre en teks | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Swak poging om die vraag te beantwoord<br>-Argumente oortuig nie<br>-Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL | 8–10 | 6–7 | 4–5 | 2–3 | 0–1 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>10 PUNTE | -Samehangende struktuur<br>-Uitstekende inleiding en slot<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | -Duidelike struktuur<br>-Logiese vloei van argument<br>-Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br>-Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas<br>-Paragrafering meestal korrek | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief | -Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br>-Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br>-Styl en toon nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief |

Kopiereg voorbehou